# DIE TUIN

## BOEK 3

ron van zyl

3/02/2011

Die volgende is ‘n geen nonsens, op die man af, soliede Bybel baseerde lering wat ten doel het om u in staat te stel om Jesus Christus die GROOT TUINIER in u eie denkbeeldige tuin te ontvang en hoe om ‘n beter persoonlike verhouding met Hom op te bou. Hierdie is die derde boek in die reeks ‘Die Lyn’.

Kopiereg 2009: The Shoe Ministries
Posbus 206, Ohrigstad, 1122, Republiek van Suid Afrika.
Kopiereg op alle kunswerke: Ron van Zyl.

Alle kunswerke is die oorspronklike werk van Ron van Zyl.
Alle grafiese aanbiedinge, fotografie en uitleg deur Michell van Zyl, Aldo van Zyl,
Jolene Swanepoel en Stephan Alberts.
Vertaal uit die oorspronklike Engels: Stoffel Jacobsz
Proeflees: Clasmé Jacobsz

Ons opregte dank en waardering word teenoor Rick Meyers uitgespreek vir die beskikbaarstelling van e-Sword Bible Software waarsonder hierdie boek, tydens die skrywe daarvan, moeilik haalbaar sou wees. Alle skriftuur verwysings, sowel as Strong se Griekse en Hebreëuse woord-interpretasies is saamgestel met die hulp van e-Sword Bible Software. Al die skriftuur verwysings is uit die King James Version en die Afrikaanse Bybel, Ou vertaling, tensy anders vermeld.

e-Sword Kopiereg 2000 – 2007 Rick Meyers
e-Sword word vrylik beskikbaar gestel aan almal.
Dit is onwettig om handel te dryf met afskrifte van e-Sword.
Rapporteer asb. oortredings in hierdie verband aan:
www.e-sword.net/support.html
e-Sword is gratis aflaaibaar by www.e-sword.net
e-Sword is die geregistreerde handelsmerk van Rick Meyers, e-Sword, 5902 Parham Road, Franklin, TN 37064, Verenigde State van Amerika.
Alle regte word voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag op enige wyse gereproduseer, uitgesaai, gestoor of op enige wyse, meganies of elektronies of by wyse van fotostate gereproduseer word sonder die uitdruklike toestemming van die uitgewer nie. Uitsonderings is slegs kort aanhalings, persverklarings en kort gedeeltes vir opleidingsdoeleindes wat die uitbreiding van die Koninkryk van God ten doel het.

# INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | | BLADSY NOMMER |
|---|---|---|
| Voorwoord | 'n Kort revisie | 4 |
| Inleiding | Die Tuin | 5 |
| 'n Stad op die Heuwel | Hoofstuk 1 | 36 |
| Die twee Koninkryke | Hoofstuk 2 | 48 |
| Die Skrynwerker | Hoofstuk 3 | 57 |
| Die Voorhangsel | Hoofstuk 4 | 61 |
| Die Tuinskildery | Hoofstuk 5 | 69 |
| Die Deur | Hoofstuk 6 | 84 |
| 'n Kort Storie | Hoofstuk 7 | 97 |
| Die Kerk | Hoofstuk 8 | 101 |
| 'n Koel Plek | Hoofstuk 9 | 112 |
| Die Seetuin | Hoofstuk 10 | 119 |
| Die Tabernakel | Hoofstuk 11 | 123 |
| Die Hoë Plek | Hoofstuk 12 | 130 |

# VOORWOORD

Hierdie boek is ‘n geen nonsens, geen duimsuiery, op die man af, soliede Bybel-gegrondveste lering, wat net een doel voor oë het. Dit is om u in staat te stel om Jesus Christus, die GROOT TUINIER, self in u eie denkbeeldige tuin te ontvang. Om Hom van nader te leer ken en ‘n beter verhouding met Hom op te bou. Hierin gaan ons leer hoe om die tuin binne te gaan en om die dinge wat ons begeer, te kry. Ons gaan in hierdie tuin leer om die antwoorde te vind op al ons lewensvrae. Verder gaan ons in die tuin leer hoe om te bid, om te visualiseer, om geestelike instruksies te ontvang, om bemiddeling van Jesus self te ontvang en om inspirasie te kry.

Al die skilderye wat in hierdie boek gebruik word is die oorspronklike werk van die kunstenaar, Ron van Zyl en is die resultaat van meer as vyftig jaar se soeke, na die tuin wat hy reeds as kind gevisualiseer het. Hierdie kunswerke is nie te koop nie en kan slegs by DIE SKOEN, hul huis, besigtig word, waar u op ‘n begeleide toer deur die GROT, wat spesiaal vir hierdie doel gebou is, geneem sal word.

Daar is ook ‘n DVD-seminaar oor hierdie onderwerp beskikbaar.

Na bestudering van hierdie boek sal u saam met die outeur kan uitroep en sê dat ons nie net gelowig is nie, maar dat ons in ‘n noue verbintenis met die Here ons God lewe!

# INLEIDING TOT DIE TUIN

Hersienend tot die vorige twee boeke, weet ons nou dat die koninkryk van lig, bo is.  Dit is die verblindende lig, die oggendson, vreugde en blydskap!

Onder, of benede, is die donkerte, die bose, hartseer en onkunde.


Ons het gesien dat Jesus ons red en verhef tot 'n hoër lewe in Christus, wat beteken dat die Kruis die poort is tot 'n hemelse leefwyse. Daar sit ons saam met Christus in hemelse plekke, soos uitgebeeld word in die eerste skildery in DIE LYN. Die enigste wyse, wat enigeen wat hierdie hemelse leefwyse begeer, dit is die lewe in God, is om die hoogte bokant die lyn te bereik. Die enigste manier om dit te kan doen, is om die BERG uit te klim.



Illustrasie 1


Die berg vorm dus die verbinding tussen die hemel en die aarde. Dit is die berg van God. Dit is die berg Sion van Hebreërs 12:22 , waar ons inwoners van die hemel is. Laat U wil geskied op die aarde soos in die hemel (Illustrasie 1).

Wanneer ons nou ‘n skets van die menslike skedel oor die lynskildery lê, plaas dit die koninkryk van God, presies daarbinne. (Illustrasies 1 en 3)



Illustrasie 2

Die kruis is nou ons sentrale punt en dit is waar Dawid vir Goliat gedood het, en ons sentrale brein is die hippothalamus. (illustrasie 4). As ons nou op hierdie punt ‘n vierkant teken, (illustrasie 4), kom die afmetings presies ooreen met dié van die hemelse stad Jerusalem in Hebreërs 12:22.


Illustrasie 3

Ef 3:17: "...sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is."

Ef 3:18: "...en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is."

Ef 3:20: "En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,..."


Illustrasie 4

Ons het ‘n Christus-denkwyse nodig en daarom word ons gedagtes en denkwyse só verander tydens die ervaring wat ons beleef as ons, ons berg uitklim.

Om die berg suksesvol uit te kan klim, moet die

volgende instruksies sorgvuldig nagekom word:

1 Pet 5:6: "Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd."

1 Pet 5:7: "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle." *(Al jou angste, bekommernisse, belange, eens en vir altyd*).

Ps 55:22: (55:23) "Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie."

U sien, God lewe in diegene wat oor ‘n nederige en boetvaardige gees beskik. Hy lewe saam met hulle in hoë en verhewe plekke (Jes 57:15).

Ons moet toelaat dat Christus die kaptein van ons gedagtes word. Ons moet toelaat dat Christus die kaptein van ons gedagtes word. Ons moenie eers so min as vyf minute vooruit probeer dink, sonder om Hom daarin te ken nie.

Sedert ek as kind hierdie verhewe plek gesien het, het ek bly soek. Verkeerdelik het ek gemeen dat ek ‘n kortpad vir my gesin en geliefdes kan vind. Ja, my vrou en kinders is geestelik saam met my en hulle is geestelik waar ek is, *maar hulle moet die berg nog uitklim.* Om te sterf in jouself is baie moeilik en dit neem ‘n bergklim-proses om jou geloof in God volkome te maak. Dit is, dat jy glo met jou hele hart en siel en nie dalk ‘n Ismael maak nie. Abraham en Sara het God probeer help om Sy belofte na te kom, maar hulle kon, net soos ons, nie op God se tydsberekening wag nie. Die bergklim-proses is moeilik, maar ‘n werklikheid en ons moet mekaar liefhê terwyl ons daarmee besig is.

Die sewe Genesis-sketse (uit die Kort Swaard), bewys dat ons op hierdie planeet geplaas is om geestelik te groei. Hoekom is dit dan so moeilik om ons lewes oor te gee aan God se volkome beheer?

Omdat ons donker en diep is!



Illustrasie 5

Ons het ons eie gedagtes (mind), ons eie wil, intellek en emosies (Illustrasie 5). Om te sê, nie langer my wil nie, maar God se wil, is nie maklik nie. Ons het uitgevind dat ons oor baie emosies en gewaarwordinge beskik en ons intellek wil aanmekaar beheer oor ons gedagtes neem. Hierdie probleem spruit dalk uit ons verlede. Waar kom hierdie emosies en herinneringe van die verlede vandaan? D*it kom uit ons binneste!*


Onthou u nog Genesis? Ons is 'n diep, baie diep, bruisende massa. Ons emosies is voortdurend rusteloos.

Gen 1:2: "En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters."

Gen 1:2: "And the earth was without form, and void; and darkness *was* upon the face of the deep. And the Spirit of God moved upon the face of the waters."

Ons is in die donkerte gewees! In die Engelse teks sê die Bybel dat God beweeg het op die gesig (face) van die waters. 'Face' meen die gedeelte wat beweeg. Die Gees van God het beweeg, gesweef, oor die gesig van die dieptes. Want ons is gevul met 'n see van emosies wat aanmekaar probeer om beheer oor ons gedagtes te neem.

Kom ons herinner onsself kortliks aan die Genesis-sketse:




Illustrasie 6



Illustrasie 7

Ons dra in ons rond, ‘n see van donker emosies wat ons gedagtes probeer oorheers. Dit is waar die klein sonnetjie in illustrasie 7 skyn. Die Genesis-sketse wys ons geestelike groei uit die donkerte (A), deur na die eerste ontdekking van lig (B), dan die begrip van God se Woord (C) . Ons gaan deur geestelike droë plekke (D), om te groei in die kennis van wat binne ons is (E) en dan word ons tuinbewoners (F), wat steeds die keuse het of ons op God, volkome, met hart en siel vertrou, en sodoende ‘n ewige sewende dag van rus ervaar (G), en of ons steeds op ons eie intellek en begrip van dinge gaan bly steun.

Die see van emosies, binne ons gaan eventueel eindig as die dooie see. Die onderwerp word verder bespreek in die boek: “‘n Kamer met ‘n Uitsig”.

In die Kort Swaard het ons uitgevind dat Adam met presies dieselfde probleem geworstel het. Solank hy bereid was om van die boom van die Lewe te eet, (skrynwerker, Jesus, Illustrasie 8), sou hy ‘n skoon en veilige gewete (mind) hê. Deur gemeenskap met God te hê, word ‘n veilige tuin geskep. Die woord ‘tuin’ beteken ‘omhein’.

Adam mag die tuin-gewete behou deur slegs met sy Here God gemeenskap te hê en op Hom te vertrou. Dit kon hy nie doen nie, verloor sodoende sy tuin en staan dit af aan die slang wat later so groot word deur die verbeelding van die mens, dat hy die monster, die draak van die see word. (Illustrasie 9)



Illustrasie 8

 Watter see? Die see van emosies wat regeer oor die gedagtes en denke van die mense van Israel. (Illustrasie 10). Aan die linkerkant van illustrasie 10, sien ons die draak is op die see en aan die regterkant word 'n Egiptenaar uitgebeeld.


Illustrasie 9

Geestelik is ons Israel. Ons is slawe van ons emosies net soos die Israeliete slawe van Farao was. Dit is vir ons nodig om die Bloed en die Paaslam te verstaan sodat die see rooi kan word, kan skei, sodat ons in die Beloofde Land kan lewe.


Illustrasie 10

Ons is die nakomelinge van Abraham wat 'n ster-volk bedink het, deur in God te glo en op Hom te vertrou, die sterre  getel het (Illustrasie 11), om geloof in sy verbeelding te skep, waar die krag van God gesetel is om te voorsien in al die begeertes van ons harte (minds).


Illustrasie 11

Later het die Wet deur Moses gekom en die gedagtes van die mens is nou gevul met die Wet, in plaas van die slang (Illustrasie 12).


Illustrasie 12

Maar die vyand (emosies) het steeds in die mens regeer, tewens, soos dit nou nog doen en dit sal aan die einde, die lewe van Jesus, seun van God, kos om die hart vir ewig te reinig.

Net soos Simson saam met die vyand gesterf het (Illustrasie 13), het Jesus Sy lewe aan die kruis geoffer. Die enigste verskil tussen Simson en Jesus is, dat Jesus Sy bloed gestort het en toe verklaar het, dit is volbring. Nou is die hart (mind) gereinig want Jesus het op 'n hoogte gesterf, nie net die hoogte van die kop Golgota nie, maar op die hoogte van die dwarsbalk van die kruis het Hy Sy bloed gestort (Illustrasie 14) . Toe het die voorhangsel geskeur, nie net sodat ons die Heiligste van Heiliges mag binne-gaan nie, maar dat ons 'n totale veilige lewe, ver-wyderd van ons innerlike vyand kan lewe.



Illustrasie 13


Illustrasie 14

Die idee is dat ons op hierdie vlak, in die teen-woordigheid van God sal lewe om voortdurend openbaring, inspirasie, veiligheid en leiding van Hom te ontvang. Net soos Noag van die vloedwaters gered is, is ons ook, deur hoog te lewe, veilig van ons innerlike see (Illustrasie 15).


Illustrasie 15

Noag moes in die ark bly totdat al die waters van die aarde gedreineer was. Toe het God die reënboog aan ons belowe (Illustrasie 16), wat die teken is dat God ons genade en guns betoon. Nou kan ons permanent in Sy teenwoordigheid  lewe, verhewe en verwyderd van die wroegings


Illustrasie 16

van die lewe, in 'n tuin-gemoed waar Hy die tuinier is.

In die verlede het ons as Christene uitgeroep: "Gooi die vyand uit!" Ons het gesê: "Ons het oorwin!" Maar elke keer kom hierdie vyand, om een of ander rede terug. Dan is dit erger as selfs die vorige keer. Dit is presies wat Jesus bedoel het, toe Hy gesê het: "Ons sal die demoon uitgooi en dit sal gaan na droë plekke, (ons is die see en buite ons is dit droog), dan sal dit terugkom met sewe meer en die mens sal in 'n erger toestand wees as die eerste keer."

Van watter demone word hier gepraat? Hulle is woede, trots, oordeel, begeerte ens.

Waar kom hulle vandaan? Hulle kom vanuit onsself! As ek die woord 'vrees' sê, dan sal u presies weet waarvan ek praat, want ons het almal dieselfde see in ons.

Wees nou eerlik. Is daar enigiemand wat sy gedagtes kan beheer? Mense wat dit kan regkry word as uitsonderlik beskou. Monnike kan dit tot 'n mate regkry deur saam met broeders in 'n klooster te woon as 'n hegte eenheid. Sommige monnike bereik selfs so 'n intense toestand tydens aanbidding, dat hulle kan sweef. Dit verg egter ongelowige dissipline en toewyding. Is dit regtig nodig dat ons, ons van 'n normale lewe, wat God bedoel het ons moet geniet, weerhou? Ek en verskeie ander stem saam dat daar 'n makliker manier moet wees!




Ek het verskeie kere in groepverband die vraag gevra: Kan ons, ons gedagtes (mind) beheer? Die antwoord is altyd dieselfde. Ons kan nie. Daarom sal daar iets drasties moet gebeur. Ons weet die krag van God is gesetel in ons gedagtes (Illustrasie 17).

Maar ons het ook laer emosies, soos jaloesie, trots ens. om mee te worstel. Hierdie emosies probeer voort-durend om die eie-ek te oorheers en besit van ons gedagtes (mind) te neem. Ons verloor baie kosbare droomtyd deur hulle toegang tot ons gedagtes te gee.

*Ons is die generasie wat moet leer om die kruis, die bloed en 'n lewe bokant ons innerlike emosies, in 'n tuin-toestand, te verstaan. Hierdie tuin is nie ver verwyderd en net vir die super intellektueles en die super gelowiges bedoel nie. Dit is die tuin waar jy as kind waarskynlik gespeel het.*

**DROME**

Ons is geskape na die ewebeeld van God om te kan verbeel en om ons oorspronklike drome in die baarmoeder van ons begrip (mind) te droom. Net soos God vir Abraham onderrig het om sy nageslag te visualiseer. Jakob en sy bokke. Josef sou nooit die tweede in bevel van die magtige Egipte word, as hy nie die Goddelike droom van die hongersnood gehad het nie. Die alkragtige brein is geskep om ons verbeeldingsvlugte te gee en om ons drome te kan droom. (Meer hieroor later in die boek).

As ons voortdurend na ons drome kan kyk, sal God in ons hartsbegeertes voorsien. God is egter nie Kersvader nie. Hy gee nie vir ons iets net omdat dit blyk, die regte ding om te doen, te wees nie. God skenk aan ons net dit wat ons lank genoeg oor gedink het. As ons lank genoeg dink dat ons siek is, al is ons nie, dan sal ons eventueel siek word. Dit is hoe kragtig die werking van die gedagtes (mind) is.

U het dit waarskynlik al self ervaar. Nou moet ons uitvind hoe kan ons, ons gedagtes (mind) behou en beheer, tydens die vorming van die goeie dinge wat tot eer van God sal strek.

Die tabernakel is in die wildernis deur God self ontwerp as 'n plek waar Hy permanent teenwoordig kan wees. As ons daarin kan slaag om permanent in Sy teenwoordigheid te wees, sal ons weet wat Hy van ons verwag om te doen terwyl daar al die tyd vir ons, as Sy kinders, gesorg sal word.


Soos ons in die vorige studies gesien het, doen God altyd iets eers fisies voordat Hy dit geestelik vestig. Eers kalmeer Jesus die fisiese storm op die see en daarna, dikwels die geestelike storms. Op hierdie punt sou ek graag aan u die honderde skriftuurplasings wou gee, waar dit bewys word dat God met ons wil wees. As u 'n Bybelleser is, sal u weet dat dit waar is.

God se begeerte om saam met Sy geliefdes te wees, word regdeur die Bybel beskryf. Dit begin by Adam en eindig by Openbaring. God wil in ons rus vind, Hy wil in ons lewe en Hy wil ons versorg.

Ps 9:10: (9:11) "En hulle wat u Naam ken, sal op U vertrou, omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!"

Ps 103:13: "Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees."

As God teenwoordig is, sal wat ookal jy vir Hom doen, soos 'n rivier uit jou vloei. God is die Skepper en Hy wil graag deur jou skeppingswerk doen. Ek glo dat ons almal sal saamstem; ons sal eers Goddelike gedagtes en denke moet kry.




Illustrasie 18

**TABERNAKEL**


Die woord 'tabernakel' meen 'woning', 'habitat' of 'tempel'. As ek 'n Engelse persoon sou vra om te wys na sy tempel, waarnatoe sal sy vinger wys?

(Illustrasie 18).

Die volgende is 'n skets-plan van die tabernakel wat in die wildernis staan (Illustrasie 19). Dit beteken dat al is ons omring deur wilde diere, waaronder Satan ook getel word, is daar 'n manier waarop ons God voortdurend in ons midde kan hê. Soos Noag wat in die ark omring was met wilde diere wat hy moes voer.





Illustrasie 19



Illustrasie 20

Ons is 'n hemel en aarde met innerlike laer emosies wat voordurend dreig om ons gedagtes (minds) te oorheers. Die wonderlike ding is, dat wanneer ek 'n sirkel oor die plan trek en ek sit 'n nek daaraan, vorm dit die buitelyne van 'n mens (Illustrasie 20). Ons is die Tabernakel van God! Die *mind,* die sentrum van ons gedagtes is nou die Heiligste van Heiliges. Dit lyk soos die oggendson. Die kruis is nou in die bors van die skets (Illustrasie 21). Hier is nou 'n paar vinnige herinneringe van wat in die tabernakel gebeur het. In illustrasie 22 sien ons die ark het gestaan in die


Illustrasie 21



Illustrasie 22

Heiligste van Allerheiligstes. Die berg is in die gesig en die wasbak is bokant die kruis. Kom ons plaas nou 'n kruis bo-oor alles. Kyk na illustrasie 23. Die Menorah is nou aan Jesus se linkerkant. Die wierookaltaar sal nou in Sy bors wees en die tafel met die toonbrode, sal aan Sy regterkant wees. Die priester het ingekom van onder af. Vanaf die Ooste

(Oggendson). Om ‘n ‘oggendson-dag ‘ te hê, onthou blydskap kom in die môre. Ons moet ook binnegaan soos die priester dit gedoen het. Begin by die offer-altaar. Ons gaan binne en saam met Jesus staan ons en kyk na die kruis en Christus gekruisig (Illustrasie 23).


Illustrasie 23

My ondervinding met God is dat baie oggende, wanneer ek probeer om my gedagtes (mind), onder beheer te kry, ten spyte daarvan dat dit my gewoonte is om eers my krygstuig aan te trek om tyd saam met God deur te bring, ek om een of ander rede my kalmte deur die dag verloor. Ek het dit ondervind op dae waar ek selfs in die Kroonkamer gewees het. Op ‘n wyse vind my gewete my en allerhande slegte gedagtes en herinneringe ruïneer my dag. Dit is vir my uiters teleurstellend!

As ‘n padkunstenaar met ‘n simpatieke oor, het ek vir baie ure na die probleme van ander reisigers geluister. Jy het nie nodig om iets te sê nie, jy moet net luister. Dit borrel by hul uit en hulle openbaar hulself heel-temal, *terwyl hulle weet wat die probleem is!* Al wat hulle nodig het om te doen, is om hulle gedagtes (minds) te orden. Hulle is egter so vol van hul probleme dat ‘n mens dit eintlik in hul gesigte kan lees.

Deur die jare het ek geleer om dieper as die oppervlak te kyk. Sonder om

super geestelik te klink, ‘n mens kan die stres en die verwarring op hul gesigte sien, want die probleem het al so groot geword in die gedagtes (mind) van die  geestelike mens, dat dit op hul gesigte weerspieël word.

Sommiges het my vertel dat hul gedagtes in so ‘n warboel is, dat dit vir hulle voel hulle gaan van hul koppe af raak. Sommiges het selfs selfmoord

oorweeg. Ander weer het verdowingsmiddels begin gebruik en sommiges het alkoholiste geword. Die ergste van almal is daardie sterk karakters wat ander mense se lewens wil regeer en dan nie hul eie gedagtes kan beheer nie. Dan is daar diegene wat die gesondheid van hul eie verstand prysgee, deur nie op te staan vir hul saak nie en sodoende in die diepste depressie verval. Die verskriklikste stories wat aan my vertel is, het my op my knieë gedwing, waar ek God gebid het om my 'n manier te gee waarmee ek myself en andere kan help om ons gedagtes en denke te kan behou en te beheer.

Adam kon in die Paradys dit nie regkry nie en ons kan dit vandag nog nie regkry nie. Somtyds word ons in die oggend wakker met die heerlikste gevoel en alles loop voor die wind. Ons staan voor die troon van God en kom begeesterd daaruit, om net 'n rukkie later in die dag, beheer te verloor. Dit is nodig om drastiese stappe te neem, want twee duisend jaar gelede het Jesus Christus sy lewe (siel) aan die kruis geoffer vir die gedagtes van die mens.

Wanneer ek die storie van die tabernakel in die Geamplifiseerde Bybel lees, sê dit dat al die meubelstukke in die vorm van die kruis moet wees. Dit is toe dat ek begin sketse van die tabernakel maak, om net uit te vind dat die wildernis-patroon eintlik op ons en wat ons is, gebaseer is. Ons is 'n baie ingewikkelde, fisiese ontwerpte entiteit wat aan die Hemel en die

Aarde huisvesting bied. As ons net 'n klein bietjie insig in God se gedagtewêreld kon kry, sou ons enige plek in die heelal kon gaan. Ons sou leer hoe om dinge te verbeel, meer as in ons wildste drome. As ons daarin kon slaag om ons gedagtes van die vleeslike, skoon te maak, sal God se rivier uit ons vloei (Ef 3:20). Hy is in staat om aan ons behoeftes in ongekende oormaat te voorsien, selfs meer as wat ons aan kan dink of

voor vra. God se voorsiening is onbeperk. Hy het baie geld en idees. Hy wil graag beslaglegging deur ons, op die aarde neem. Ons kan dit sien deur bloot na Sy skepping te kyk. Wanneer Hy sterre maak, is daar so baie dat dit nie getel kan word nie. As 'n kunstenaar, moes ek leer dat die lug letterlik enige kleur kan wees. God is voortdurend besig om ons te trakteer met die wonders van Sy skepping, as ons maar net die tyd sal vind om op te kyk daarna en ons nie blind staar teen die probleme nie. Hy is aanmekaar besig om te skep en te omvorm en Hy wys ons Sy oorvloedige vermoë in die saadjies wat ontkiem, water wat vloei en in die kindertjies se oë. Hy word vereer wanneer ons getuienis, oor die wyse wat Hy voorsien, uitbring. Solank as wat ons dit in geloof doen. Die enigste probleem is: *hoe voorkom ons dat aardse probleme ons gedagtewêreld betree*?

## TYD VIR GOD

Eerstens moet ons beskikbaar wees om tyd aan God af te staan. Dit is die eerste keuse wat jy moet maak. Dit beteken nie dat jy nou moet vas en bid en jouself van die daaglikse plesiertjies en gerief moet ontsê nie. Dit beteken dat jy jouself maar 'n bietjie kan bederf en jou rusperiodes neem en dit geniet. Dit is gedurende die rustyd wat Hy homself en Sy wil vir ons lewens, aan ons openbaar. Ons kan God se arm nie draai en Hom nie beïndruk met goeie dade, deur geld te gee, deur te vas of enige ander

goeie daad te doen nie.  Hy wil vir JOU hê!  Dit wil voorkom asof dit die een ding is wat Christene te kosbaar vind. Almal wil altyd vir God werk, maar niemand is bereid om aan Hom tyd toe te wy nie. God soek nie jou goed nie.  Hy wil vir JOU hê!  Wanneer ons rus in God, rus Hy in ons. Die Heilige Gees werk met die oggend-gedagtes (mind). Ons bid: 'Laat U koninryk kom, U WIL geskied'. Van wie se wil word hier gepraat? Dit help


nie om tyd in die aand vir Hom in te ruim nie, dan het die hele dag reeds verby gegaan. Ons het dan die hele dag geleef, sonder om te weet wat Sy wil vir ons, vir die dag was.

Die oggendson word hier beklemtoon. Vreugde kom in die môre. Jesus was 'n oggend-persoon. Indien ons aan Hom die tyd wy wat Hom toekom, sal Hy vir ons die kortpaadjies wys. Sal dit nie wonderlik wees as ons beheer oor ons gedagtes en denke, die hele dag kon behou nie?

Adam, jou werksbeskrywing: BEHOU JOU TUIN!

**DIE TAAK**

As dit moontlik is, gaan stap buite in die tuin. Indien dit nie moontlik is nie, gebruik jou verbeelding. Sê nou dankie! Dankie vir die lug om asem te kan haal, dankie vir beskerming. Let op hoe pragtig is die natuur, die oggendson, vasgevang in 'n druppel dou. Dit lyk hemels. God is wonderlik! As jy op hierdie stadium probeer om God te visualiseer, let op hoe die probleem opdoem. Skielik onthou jy van die kraan wat lek, die motor se battery wat vervang moet word, die kinders wat so opstandig is en O, as ek dit maar nooit gesê het nie! Somtyds is dit nie eers jou eie probleme nie. Ek het vir God gevra hoe dit dan moontlik is. Die een oomblik is ek by Hom en net die volgende oomblik staan ek midde in iemand anders se probleme?


Illustrasie 24

Hy sê toe vir my: Dit is omdat jy nie by die kruis begin het nie, terwyl hy na my bors wys. **Onthou ons denke is die prys.** Die aanklaer is alreeds aan die werk, besig om te probeer om ons dag vir ons te organiseer en

daaroor beheer te neem. God sê: *"Ek het My lewe vir die mens se gedagtes gegee, en net die kruis kan vir jou 'n hemelse dag gee."*

Onthou die priester kom die tabernakel hier binne. By die altaar, en sy koers is Oos. Dit is presies hoe ons ook ons tuin moet binnegaan. Staande voor die gekruisigde Christus, saam met God (Illustrasie 25). Hy sê: "Ek het gesterf om saam met jou te wees. Ek wil jou totale denke (mind) hê." Die probleme lê vlak aan die oppervlak van ons gedagtes vanwaar hulle ons denke oorheers.




Illustrasie 25

Die draak is op die see. Die see van wat? Die see van emosies! Bring al die probleme en plaas hulle in die gekruisigde Christus. Toe begin ek die probleme wat my gedagtes so oorheers, by die naam noem. My bekommernisse en my vrese en soos ek dit by die naam noem, lyk dit asof die probleem deur Christus vlieg en in 'n bloedrooi see gewerp word. Ek voel toe so verlig en draai na God, sodat ons kan aangaan. Maar op 'n streng stemtoon sê Hy vir my: *"Is jy doodseker dat jy nou al jou probleme hier gelos het? Onthou Ek hou jou verantwoordelik, want as jy na die Heiligste van Allerheiliges met probleme gaan, maak jy 'n bespotting en vertrap jy die werk van die kruis onder jou voete."*

Ek sê toe vir God, ek dink dit is vir my beter om miskien net hier kamp op te slaan voordat ek verder kan gaan. Ek kan nie onthou hoe lank dit my geneem het om voort te kon gaan nie. Dit kon selfs weke gewees het. Een oggend word ek wakker met die volgende in my ore: **Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my (Gal 2:20).**

Toe besef ek, maar ék is die probleem! Daardie oggend ontmoet ek God by die kruis met brood en wyn. Heel eerste kruisig ek myself. Dit voel vir my asof ek deur die gekruisigde Christus gaan en toe kom ek daaruit met 'n goddelike mantel van nederigheid om my skouers. Dit is nie meer

langer ek wat lewe nie, maar Christus. Toe begin ek die probleme kruisig, terwyl ek die brood eet. Ek ervaar hoe dat die probleme een vir een, uit my gedagtes verwyder word en in die liggaam van Christus geplaas word. As ‘n matroos het ons geleer om droë brood te eet wanneer seesiekte dreig. ‘n Rowwe see was besig om in my kop te kom, net soos die see van emosies aanhou probeer om te doen. Toe ek klaar is, sien ek dat God tevrede is. Toe drink ek die wyn. Terwyl ek dit doen, wil dit my voorkom asof die probleme een vir een in die Rooisee, net soos Farao en sy troepe, verdrink. ‘n Geweldige verligting het oor my gespoel.


Illustrasie 26

Uiteindelik, het ek gedink, het ek dit reggekry om die probleme uit te kry tot die tevredenheid van God. Hy knik Sy kop bevestigend en draai na die waskamer. Hy sê ek kan in die bad wat soortgelyk aan ‘n jacuzzi is, klim (Illustrasie 26). Hy gee my ‘n behoorlike was en sê: *“Ek was jou in my bloed om van jou ‘n koning te maak. Ek was jou denke van ‘n bose bewustheid. As jou Hoëpriester besprinkel ek jou gedagtes en verklaar dit die Heiligste van die Heiliges, die plek waar Ek en die Vader binne jou sal lewe. Ek was jou sondes uit jou met suiwer water.”*


Illustrasie 27

Wat was my sondes gewees? My sondes was die feit dat ek toegelaat het dat probleme die Heiligste van Heiliges kon binnedring. Kan u onthou hoedat ons in die verlede altyd die troon van genade bestorm het met ‘n probleem? Waar is die troon? (Illustrasie 27).

## VRYHEID

‘n Skielike gevoel van wonderlike vryheid van denke het nou in my posgevat. Gedagtes en idees vloei maklik en dit is asof ek skielik geestelik wyser geword het. Vir die eerste keer het ek besef dat ek vry gemaak is deur die kruis. Ek het al baie mense dikwels oor vryheid hoor preek, maar ek het nou geweet dat hulle nie weet wat hulle praat nie. Aanbidding,

drome droom en verbeelding het nou natuurlik en maklik gekom. Ek kan nou elke oggend met sonopkoms die Here op die strand ontmoet.

Joh 21:4: "En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand; maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie."

Op 'n dag, 'n rukkie na die kruisiging van Jesus, het die dissipels gaan visvang. Hulle het die hele nag deur gewerk, maar niks gevang nie. Dit is basies wat ons doen as ons nie die kruis verstaan nie. Ons werk deur die nag en vang niks nie. Toe dit **oggend** word het Jesus na die strand gekom, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy was nie. Wanneer Jesus na ons strand toe kom, sal ons Hom meeste van die tyd ook nie herken nie. Ons is te gewoond daaraan om die vrees- en bekommernis-draak op die see te sien, terwyl ons strande vuil en bestrooid is met bekommernisse wat ons daar laat lê het, in plaas daarvan om dit na die kruis toe te neem en daar te gaan afhandel.




As ons op die regte wyse binnegaan, sal ons strand die normale kom en gaan van die getye wat dit moet skoon was, ervaar. As ons op die regte wyse binnegaan, sal ons Hom onmiddellik op die strand herken, daar waar Hy op 'n strategiese plek sit, saam met Vader, en kyk na ons blink, oggendson-toekoms, terwyl hulle die dag bespreek (Illustrasie 28).

Hier ontvang ons instruksies, wysheid en openbaring op al ons lewensvrae. As ons op die regte wyse binnegaan, is die plek soos die fort waarvan Dawid praat as hy sê, die vyand kan dit nie penetreer nie, want die bloed vorm 'n ondeurdringbare heining. As ons hier op die hoogte

staan is ons waar die krag is. Dit is ook die rots waarop die kerk gebou is. Elkeen van ons, in ons private tuintjies, vorm saam die kerk.

Ek kan hierdie 'tuin bewoners' van veraf herken. Hulle het nie langer probleme met trots nie, hulle is rustig in hul optrede en is baie selfversekerd. Hulle is die 'sewedag'-mense. Diegene wat God volkome vertrou en nie meer op hul eie begrip en intellek steun nie.

As ek hier, saam met die Here sit, kan ek my geliefdes sien. Ek kan Hom vra omtrent ander mense wat in my gedagtes is. Sommige mense vra my soms om vir hulle te bid. Ek kan hulle hier sien en as daar iets positiefs is, kan ek hulle agterna skakel en daarvan vertel. As ek hier vir hulle bid, sien ek soms net 'n vae profiel van hulle, maar soos ek meer konsentreer op die persoon, word sy beeld duideliker. Al kan ek nie altyd die probleem duidelik sien nie, bly ek in die hemelse ekstase want ek weet, God is besig om in elk geval die probleem aan te spreek. Ek het nie nodig om altyd al die detail te weet nie. Dit is hier waar ons saam, en vir mekaar staan en saam daaraan werk om ons gedagtes te behou.

My lewe was besig om te verander en ek het besef dat ek besig is met ernstige opleiding. Ek het geleer om voortdurend my gedagtes te kontroleer en 'n fisiese breek te neem om te verseker dat my drome vir ons toekoms nog in plek is. Dit is die tipe dinge waaroor ek en my gesin ooreengekom het, wat ons in sal glo. Ek het geleer om beheer oor my denke te neem en my lewe het net al soeter begin word. Ek kon byvoorbeeld sit en ons plaas sien, pragtig en groen. My gesin, besig met die dinge wat ons mekaar beloof het om vir mekaar te visualiseer. Ek het al hoe meer vrymoedig geword met my verbeelding en ek het geleer om nie klein te visualiseer nie. Ek het nie nodig gehad om op die 'broodlyn' te verbeel nie, want ek het geweet, ek hoef my nie langer te bekommer dat

my geluk dalk sou uitloop nie. Ek weet dat God elke dag, anders as in die verlede, elke môre vir my in die tuin wag. Want ek weet ek het nou die plek bereik, waarvandaan die rivier vloei. Die rivier van God is ‘n ewige vloei van energie, wat uiting soek om homself uit te brei en so sterk te vloei as wat ons aanhoudende verbeeldings, dankseggings en eerbewyse dit toelaat.

Die probleem kan nou nie meer na die oppervlak styg nie. God het in my ‘n Heiligste van Allerheiliges gekry om in te rus en te lewe. Verbeel jou! GOD RUS IN JOU! Ons is nou nie meer so besig om die Duiwel te beveg, terwyl ons die berg uitklim nie. Ons het nou baie tyd om van ons meer gewaagde en wilder drome in die baarmoeder van ons begrip (mind), te droom.

Op ‘n dag het ek vir Yvonne gesê om ‘n bietjie skuins te gaan lê om te rus en na haar droom van die dag te kyk. Ure later sê sy vir my, dat sy so selfsugtig voel omdat sy soveel tyd in haar persoonlike droom spandeer het, terwyl sy ‘cool’ gelyk het. Nee, dit is nie selfsug nie, want die

getuienis wat spruit uit die uitkoms van die droom, sal God verheerlik. Ons kan maar net mekaar help met ons persoonlike getuienisse (Openb 12:11).

As jy eers saam met God besluit het wat die droom is, en jy het ‘n metgesel wat met jou saamstem, moet jy hierdie droom van jou aanhoudend **sien.** Soveel so, dat jy daarmee gevul sal word en geleidelik stap jy in ‘n nuwe lewe van genesing in, waar in al jou behoeftes voorsien word. Onthou! Dit neem nege maande vir ‘n baba om in die baarmoeder te groei. Blommetjies groei vinniger as bome! Dit verg baie geduld en afwagting. Wees ontvanklik vir geskenke, wonderwerke, gratis ekskursies ens. want jy is self ‘n skenker. As jy saai, sal jy maai. Die krag van God is in

jou en omdat jy ontslae geraak het van die stinkende denke by die kruis, het God se rivier ‘n plekkie gevind om vandaan te vloei. Uit die Genesis-tuin het ‘n rivier gevloei. Die Bybel sê dat dit nie gereën het nie. Nou, waar het die water vandaan gekom? Dit het gekom vanuit die binneste! Want soos die mens dink in sy hart (mind), so is hy. Omdat ons sonde-denkery (bekommernis en vrees), by die kruis opgelos is, is ons nou ‘n fontein van tuine. ‘n Put van lewende waters.

Here, kan ek dan nou regtig hiernatoe opstap sonder enige vrese? Is dit dan nie meer vir my nodig om die Duiwel al die pad te beveg nie? *“Nee, dit is by die kruis afgehandel. Toe Ek vir jou gesê het dat dit volbring is, het dit beteken dat daar ‘n manier vir jou is om hier, hoog by My bloed te lewe. Geen vyand kan hier binnedring nie. Op hierdie hoë plek wat Ek met My bloed gekoop het, is dit My wens dat jy in My, vry sal lewe. Volkome veilig.”*

**<u>DIE VERLEDE</u>**

Die grootste enkele probleem waaroor mense die afgelope tyd met my gesels, is die verlede. ‘n Jong man sê vir my: “Die verlede bly in my gedagtes opkom. Dit is besig om my mal te maak, want dit herinner my aanmekaar van al my mislukkings van die verlede.” Ek vra hom toe, hoe lank gelede het hy Nagmaal gebruik? Hy sê: “Ek weet nie. Ek doen daardie goed nie meer nie, want dit maak vir my geen sin nie.” Ek leer hom toe van die Nagmaal, op dieselfde wyse as wat ek dit vroeër vir u verduidelik het en werklik, wat ‘n merkwaardige verandering het oor die jong man gekom!

Vir die volgende paar weke het alles normaal gegaan. Ek begin elke oggend by die kruis en ek vat geen kortpaadjies nie. Ek is teen hierdie tyd al moeg vir my gedagtes wat kon kom en gaan soos hulle wil en my tuin ruïneer. Een middag, onverwags, spring die grootste verleentheid uit my verlede, skielik in my gedagtes op. Ek was verbysterd! Hoe kon my verlede weer terug in my gedagtes kom, het ek gewonder terwyl alarmklokkies in my kop lui? Vader, wat gaan aan? Ek het dan gedink ek is gekruisig!

*"Die hangkas met die geraamtes is nog steeds binne jou. Jy het die verleenthede van die verlede onderdruk en hulle geïgnoreer, sonder om hulle af te handel by die kruis. Ek dring aan op jou volledige denke, want in die Heiligste van Heiliges is daar nie plek vir die verlede nie. Ek gaan hulle een vir een na die oppervlak laat kom, sodat jy hulle in die oggend by die kruis kan afhandel."*

Ek het alles afgeskryf en die volgende oggend, by die kruis gemaak soos ek beveel was. Nou moet die leser my glo, ek kan vir niks in die wêreld onthou wat die verleentheid en die probleem gewees het nie. Dit is weg, totaal uit my geheue gewis! Op hierdie manier het ek daarin geslaag om beheer oor my gedagtes te behou. Sommige gedagtes kom nog steeds van tyd tot tyd terug, objektief daarna gekyk, is almal nie verleenthede nie, sommige van die gedagtes maak nie eers vir my sin nie en ek kan nie verstaan hoekom dit na die oppervlak kom nie, maar pligsgetrou neem ek hulle almal elke dag, in die oggend vir kruisiging. Sommige van die gedagtes maak my ongemaklik en warm, asof dit direk uit die hel self kom. In die tussentyd is my gemoedstoestand al aan die beter word. Dit is nou vir my interessant om te sit en na die daaglikse katastrofes in ander mense se lewens te kyk en te sien hoe die dinge wat hulle sê en doen, die toestand van hul gemoed weerspieël.

Ek vind sommige rolprente baie amusant. Dit is daardie rolprente waar die gemoedstoestand duidelik gesien kan word soos die emosies kom en gaan. Hou jouself nou dop as jy na verskillende flieks kyk en neem waar hoe dat die musiek jou hartklop kan beïnvloed. Dit is omdat, wat ons ookal waarneem deur ons sintuie, dit ons liggame beïnvloed. As ons werklik in totale beheer van ons gedagtes is, behoort ons glad nie daardeur beïnvloed te word nie. As ons werklik 'n Christus-gemoed het, sal ons kalm en koel bly onder enige omstandigheid. 'n Riller gee ons 'n kykie in die gemoedstoestand van die mense wat dit maak. Dit kom uit hul verbeeldingswêreld en is dit nie verbasend dat die kreature altyd soos gruwelmonsters uit die dieptes lyk nie? Ja, ons is baie diep en hierdie goed kom na die oppervlak van ons gemoed, soveel so, dat ons somtyds daaroor mediteer. Hierdie is slegs verbeeldings, dieselfde verbeeldings waarteen Paulus ons waarsku en sê om dit uit te smyt en neer te werp. As jy jou lank genoeg verbeel daar is iets in die donker, gaan jy nou-nou dit waarlik sien. Jy gaan dit selfs sien beweeg. As jy die lig nou aanskakel is daar niks. Waar kom dit vandaan? Dit kom vanuit onsself! Miskien sal daar nou 'n liggie in ons opkom, ONS IS GESKAPE NA DIE EWEBEELD VAN GOD, om te kan verbeel in ons verbeeldingswêreld, wat die LEWE is. Ons moet 'n denkbeeld vorm in ons gedagtes en die dinge wat ons nodig het en voor vra, aanhoudend so visualiseer dat dit naderhand 'n werklikheid word en in die realiteit bestaan.

Om iets te bereik deur dit te visualiseer, hang natuurlik geheel en al van onsself af. Baie mense woon vandag in huise, besit motors of is in poste wat hulle as kinders gevisualiseer het. Op 'n manier het hulle deur die jare die gedagte aangehang en onderhou, totdat die energie daarvan in die realiteit gemanifesteer het. God is in staat om ons te gee, oneindig meer as wat ons kan dink en voor vra (Ef 3:20). Ander drome is dood as gevolg van 'n gebrek aan water en versorging. Hulle het in lyke verander en met

‘n sieklike plof onder in die put beland. Drome word water gegee en gevoed, as ons in hulle stap en lewe asof dit die werklikheid is. Noudat ons weet dat Jesus die prys betaal het sodat ons, ons gedagtes kan behou, is ons vir die res, aangewese net op onsself. As ons, ons toekoms kan visualiseer in hierdie bloedgekoopte, tuin-gemoed, dan sal ons kry, wat ons ookal begeer.

*Baie mense het al na my toe gekom om te leer hoe om geestelik te groei. Die antwoord is altyd dieselfde, jy moet meer tyd saam met God spandeer. Hul gaan hier weg met die belofte om selfs ‘n spesiale plekkie daarvoor te gaan bou. Ek sit saam met Jesus en gretig wag ons vir hulle om na die tuin te kom. Maar daar is niks. Wanneer ek hulle later skakel, is dit maar elke keer dieselfde storie, hulle is te besig. Nog meer beloftes*

*volg nou. Later kla hul gewete hulle so aan, dat hulle hul wend tot een van die wonder-predikers. Die antwoord bly egter maar dieselfde. Hy het Sy lewe gegee om met ons te wees. Al wat Hy wil hê is vir JOU.*

**<u>WAT IS DIE TUIN?</u>**

Dit is die plek waarheen ons as kinders gegaan het. Alle kindertjies speel in hierdie denkbeeldige plek. Dit is baie maklik om na die plek te gaan as jy kalm en koel is. Ons verwag van kinders om te speel en omdat hulle deur hul ouers versorg word en in al hul behoeftes voorsien word, is hulle van nature koel en kalm. Dit is die gemoedstoestand wat in die tuin van Eden beskryf word. ‘n Bekommerde gemoed kan nie by hierdie plek ingaan nie. God ontmoet vir Adam en Eva in die **koelte** van die dag. Hy is hul voorsiener. Hulle verkies egter om bekommerd te wees oor goed en kwaad!

Iemand het een keer dit volledig opgesom. Hy sê hy kan nie wag om saans bed toe te gaan nie, want hy hou daarvan om te droom. Hy sê sy drome verbaas hom altyd en dit is asof hy na rolprente kyk. Maar op ‘n dag het hy begin om te dink. Wat kan alles gebeur om die uitkoms van sy fantastiese drome te verhoed. Van toe af droom hy die probleem! Ons het in die boeke, DIE KORT SWAARD en DIE LYN, geleer dat dit is om af te kyk. Dit ontlaai die hemele van ons gedagtes. God, die Tuinier, kom om na ons blomme te kyk. Dit beteken met watter gedagtes het ons laasnag gaan slaap? Was jy bekommerd of het jy dalk vir iets by God gesmeek? Hierdie is nie-lewegewende gedagtes en word as dierlik beskryf. In die Bybel beteken dit die dood. Met ander woorde, gee God iets om mee te werk. Hy het ons na Sy ewebeeld geskape om te kan verbeel. So, kom ons verbeel lewensdenke, beter nog, vyfster-lewensdenke. Verbeel jou jy kan

die beste hê want jy is dit werd! Die meeste van ons het ‘n probleem met hierdie tipe van denkwyse, want ons is grootgemaak met die gedagte dat ons sondaars is en dat selfs die lug wat ons inasem, net ‘n gawe van Bo is.


Ek kan nog baie duidelik die dag onthou toe my pa vir my gesê het: “Drome is vir kinders. Jy moet nou wakker skrik want die lewe is ‘n baie harde realiteit.” Dit was die einde van my drome. Ek het soos ‘n groot man die uitdagings van die lewe tromp-op geloop. Ek het soos almal my begewe in bekommernis en my werk en sodoende my tuin verloor, sonder dat ek geweet het dat ek een het.

Die plekkie wat ons as kinders na toe gegaan het, het nie reëls gehad nie. Daarom het dit geen vrug voortgebring nie. Dit is die plekkie wat Jesus, die Koninkryk van God noem, en dit is die een wat ons moet vind, sodat alles bygevoeg kan word. Om hierdie beginsel te verstaan, moet ons begryp dat wanneer Hy nie in beheer van ons gedagtes is nie, is ons heel-

temal blootgestel aan die Koninkryk van die Duisternis om oor ons te heers. Om hierdie speelplek of tuin binne te kan gaan, kan ons dit alleen regkry deur, deur die kruis te gaan. Dit is die enigste korrekte manier! Aan die begin mag jy dalk ongemaklik voel met die gedagte van bloed en van die dooie liggaam van Christus, maar soos jy die tuin betree en indien jy op die regte wyse, by die regte deur ingaan en tyd by Hom spandeer, sal Hy persoonlik die kruisiging aan jou verduidelik. Want Hy is die tuinier. Dit is Sy bloed wat dit vir ons moontlik maak en vir ons die veilige gedagtes gee om in te droom.

Met 'n veranderde Christus-gemoed, is ons nou op die randjie van die ongelooflike bo-natuurlikheid. As jy ook van die 'ou skool' is, soos ekself, sal ek voorstel dat jy sagkens met jouself te werk gaan tydens die studie

van die volgende skildery. Ek wil aanbeveel dat jy dit lees met 'n gebed in die hart en die Heilige Gees toelaat om die profete aan jou te verduidelik. In die tussentyd, moet ons nog die baie, baie teologieë aanpak en behandel. Ons moet ook 'n studie maak van wat DIE LYN te sê het oor die profete en ons moet 'n antwoord vind op die vraag: of die LYN-gekonsep reg-deur die Bybel, waar bewys kan word? Let wel, hierdie boek is nie geskryf om jou te oortuig dat die Bybel waar is nie, maar soos wat jy dit lees, sal die Een wat die oorspronlike geskryf het, die volle waarheid aan jou openbaar.



Illustrasie 29

Om die volgende skildery, wat volledig in die eerste hoofstuk bespreek sal word, behoorlik te verstaan, moet ons eers bepaal wat word met die geestelike hoogte bedoel? Kyk na illustrasie 29.

‘N WOORD VAN WAARSKUWING: As jy nie een van daardie mense is wat die Bybel van hoek tot kant deurgelees het nie, of as jy nie deur prinsipiële Bybelstudies onderleg is nie, sal jy die volgende skilderye, alhoewel dit jou sal boei, baie moeilik en diep vind. Die skriftuurverwysings op sigself en apart vir eie studie, bring nie die volle waarde daarvan uit nie. Daarom vra ek, byt vas en druk deur met die boek en vertrou Die Heilige Gees om die verduidelikings aan jou gees te gee.

In die volgende skildery, is dit die gedeelte bokant die lyn wat ons nou gaan bespreek. Hier word u gewys hoe ons gesamentlik (Die bruid) lyk en wat ons doel hier bokant die lyn is.



Illustrasie 30

Ek wil aanvaar dat u die vorige boek, DIE LYN reeds gelees het en die beginsel van opkyk na die koninkryk, reeds toepas. Na die lees daarvan, is ek seker dat daar redelik vingers na mekaar

gewys is, wanneer jy met oortuiging vir jou saamstem-maatjie sê dat hy/sy af gekyk het.

Ek vertrou dat julle ook die plesier ervaar het, deur te weet waar ‘die lyn’ is. Nou hoef ons nie meer bekommerd te wees dat ons dalk ‘n gebed gemis het nie, ons hoef nie meer in die bondel te bid en mog-dit-troffe gebede op te stuur nie. Jy weet nou hoe om na Jesus alleen op te kyk. Jy het dalk gevind dat jou taalgebruik en selfs jou benadering tot die lewe

verander het. Jy het nou uitgevind dat God ‘n goeie God is en dat Hy jou geskape het om lief gehê te word, sodat jy kan lief hê. So kan ons mekaar nou liefhê en groei in die geloof. Om ook te groei in ons verhouding met God, moet ons die Bybel lees. Ek weet dit klink vervelig, maar aan jou daaglikse lees van die Bybel, sal die Heilige Gees jou meet. Nou kan jy byvoorbeeld sê, o, ek sien dat jy Psalm 1 gelees het, nou kan ek Psalm 2 aan jou verduidelik. U sien, dit is die doel van die metery wanneer jy die profete lees.

Vir die Afrikaanse vertaling het ek gebruik gemaak van die Ou Afrikaanse Vertaling, terwyl die oorspronlike Engels uit die King James Bible kom, tensy anders vermeld. Ek gebruik ook e-Sword, dit is Bybelprogramme wat gratis aflaaibaar is by www.e-sword.net. e-Sword verskaf ook verskeie Bybelwoordeboeke, maar vir die doel van die boek is meestal gebruik gemaak van Strong’s Hebrew and Greek Dictionary.

Ek wil u daaraan herinner dat ek nie ‘n teoloog is nie, en daarom gaan ek ook nie groot woorde gebruik om u te wys hoe slim ek is nie. Ons gaan hierdie studies, stukkie vir stukkie neem en afhandel. Gee vir uself genoeg tyd, sodat u , soos ‘n spons hierdie leringe kan opsuig en dit laat insink. Die verstaan daarvan word makliker gemaak aan die hand van prentjies.

Ons gaan hoog opgaan en ons gaan hoog bly. Maar op hierdie stadium wil ek u eers weer terug verwys na die eerste skildery, want ek moet aan jou verduidelik hoe om ‘n BRUID te word.

Ons weet teen hierdie tyd dat die siel die ‘mind’ is en van die vroulike geslag is. In jou gedagtes sien jy die kruis en jy gaan deur hom soos ‘n asemteug. Soos ‘n ligte briesie. Strong se woordeboek verklaar die siel as ‘n lewende, asemhalende skepsel. God het asem in Adam geblaas. Strong sê: asem = gees/lug. Die siel is vroulik in die sin dat jou begeerte gerig is net op die Skepper soos ‘n vrou begeer om net by haar geliefde te wees, terwyl sy dag en nag net aan hom dink. Ek is seker daarvan dat u hierdie boek lees omdat u die begeerte het om by Hom, wat die volmaakte liefde is, te wees.

Die gees van die mens, die hart, is manlik. Dit is hoekom jy uitgebeeld word as ‘n koning in die skildery. As jy genoeg tyd by iemand spandeer, sal jy uiteindelik net soos daardie persoon word.

Ek het op ‘n keer vir iemand, in sy huis, ‘n agt-meter hoë beeld gesny uit harde hout. Terwyl ek daarmee besig was, het hy sy lewensverhaal, oor en oor aan my vertel. Hy was ‘n hardwerkende mens met ‘n aggresiewe geaardheid, wat dinge gedoen gekry het omdat hy dit met hart en siel aangepak het. Eventueel was ek net soos die man gewees. Deur so baie tyd in sy teenwoordigheid deur te bring en deur dit wat hy my vertel het ter harte te neem, het ek sy gees naderhand gekry. Dit beteken dat hy my van sy lewenstyl oortuig het en ek het dit in my ontvang, soos asof my gedagtes (mind) ‘n baarmoeder is en dat sy gees binne my ontwikkel het. Ek het werklik net soos hy geword. As ons so baie tyd by Jesus sou deurbring, sal ons ook net soos Hy word. Ek sal Sy Gees in my hê en weet hoe Hy in elke situasie sal optree. Omdat jou gedagtes bedink is in die

waarheid van Jesus (Die Woord), is jou gees die van ‘n koning, want jy ken die Koning van Konings.

Soos ons nou begin met hierdie eerste studiestuk,  kan u nou na uself verwys as ‘n bruid en u sal weet dat die woord ‘water’ beteken ‘Die Woord’.


Ps 1:1:  “Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;...”

Ps 1:2:  “...maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.”

Ps 1:3:  “En hy sal wees soos **‘n boom wat geplant is by waterstrome**, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; **en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**”

Hierdie is die eerste Bybelles wat God aan my gegee het.  Ek het dit nie verstaan nie en gedink, wonderlik!  Nou is ek ‘n boom!? Ek het die Bybel eenkant toe gegooi. Hy het my egter gemaak dit weer optel en toe aan my verduidelik dat ‘n boom wat by die waters geplant is, het alles wat hy nodig het!

Wanneer ons in die oggende by die Kruis-deur ingaan, gaan ons na hierdie hoë plek waar ons leer om die WATER te verstaan.


JOHN
LUKE
MARK

# ‘N STAD OP ‘N HEUWEL

## HOOFSTUK 1



Illustrasie 31

Op hierdie stadium moet ons net eers kyk hoe ons lyk in die geestelike realm. Almal van ons wat daarna streef om by Jesus te wees, sal soos hierdie Jerusalem-skildery lyk.

Soos ‘n bruid wat kom om Sy Woord te ontvang. In die skildery (Illustrasie 31), is Jesus besig om water oor ‘n vrou uit te stort. Sy is rustig en kalm, terwyl sy, Sy teenwoordigheid indrink. Sy sit in ‘n ommuurde stad, asof sy die stad self is, wat met sy poorte wawyd oop staan.

**Tesame is ons die kerk.** Dit is waar ons in die oggende bymekaar kom, op die berg, bokant die bloedlyn. U ken die bloedlyn teen hierdie tyd baie goed. Indien nie, verwys terug na illustrasie 29 om te sien presies waar dit is.

Ons begin by die bokant van die skildery: Jesus is die boom van die lewe. Hy is die fontein van die lewe. Hier is hy besig met die bruid en Sy aandag word ten volle aan haar gewy. Hy het geen ander agenda nie. Uit haar stroom daar ‘n rivier van lewende water.

**<u>DIE EERSTE WONDERWERK</u>**

Die eerste wonderwerk wat Jesus op aarde gedoen het, was om water in wyn te verander, tydens ‘n huweliksfees in Kana. Sy moeder het vir Hom gesê dat daar nie wyn is nie, maar Hy het geweet dat daar nie wyn was nie, want Hy het in die mense se geeste gekyk en gesien hoe droog die doktrines van die wetgewers hulle gemaak het. Daar was egter nie ‘n teken van die **regte** water vir Hom om in wyn te verander nie.



Illustrasie 31A

Jes 24:11: “Daar is ‘n gejammer oor wyn op die strate; al die vrolikheid het ondergegaan, die vreugde van die aarde is verban.”

Hy het gesien dat hul harte soos klip was, want hul wette is op klip geskryf. Toe beveel hy hulle om ses klipkruike vol water te maak. Ons weet dat toe hulle die water uitgooi, toe vloei daaruit die beste wyn. Dit is die wyn wat uit die bruid se maag vloei, daar waar dit soos ‘n tempel lyk. (Illustrasie 31a).

## JERUSALEM

‘Jeru’ ‘Shalom’. Die woord ‘Jeru’ is vroulik. Die woord ‘shalom’ is ‘n alles omvattende woord wat beteken: Vrede vir jou in elke area van jou lewe, gees, siel en liggaam. Dit beteken ook : ’n plek waar water vloei. Nou let op dat sy geklee is in heerlikheid, prag en skoonheid by die Jesus-water (ons weet reeds dat dit die *hoë water* is).

Ek vertaal vir u vrylik wat die Message Bible sê:

Hoogl 2:4: "Hy het my saam met hom huis toe geneem vir 'n feesmaal, maar sy oë het hulle verlustig op my. Al wat ek wil doen, is om in sy skadu te sit en sy wonderlike liefde te smaak en te geniet. Hy het my na die feestelike onthaal gebring en sy vaandel oor my was liefde."

Dan uit die Ou Afrikaanse Vertaling:

Hoogl 4:15: "U is 'n fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei."

Soos wat u uself in die skildery instudeer, sal hierdie skriftuur natuurlik en vanself in u invloei en dan sal u besef, maar ekself is die bruid! U sien, die boek Hooglied is ons storie. Die boek Hooglied vertel ons 'n verhaal van hoe 'n hart van klip verander het in 'n put van lewende water. *Die enigste probleem is, iemand moes sterf.*

1Kor 3:9: "...die gebou van God is julle."

1Kor 3:16: " Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is nie."

Abraham het gesoek na hierdie stad.

Heb 11:10: "Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is."

Hab 2:14: "Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek."

Die aarde kan net **deur u** gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here.

# <u>DIE KODE VAN SAGARIA</u>

Die profete kan soms baie vervelig voorkom. Maar daar is sekere kodes wat ons moet verstaan. Hulle vertel almal dieselfde verhaal van Jerusalem en Sion, afgebreek en vernietig. Die mense het aanmekaar beloftes aan God gemaak, dit aanmekaar verbreek, afvallig geraak, net om terug na Hom toe te hardloop as hulle in die nood is. Ons doen presies dieselfde!

Sag 1:16: "Daarom, so sê die HERE: Ek wend My met ontferming tot Jerusalem; my huis sal daarin gebou word, spreek die HERE van die leërskare, en 'n meetsnoer oor Jerusalem gespan word."

*Die Here sê dat Hy Sy huis in Jerusalem (in my) gaan bou. Die stad het 'n tempel wat Sion genoem word.*

Sag 1:18: "En ek het my oë opgeslaan en gekyk—daar was vier horings."


*Die hele Bybel verwys na die vier Evangelies nl. Matthèüs, Markus, Lukas en Johannes. Die vier horings verwys na die vier koninkryke wat Jerusalem vernietig het nl. Babilon, Mede Perse, Grieke en die Romeine.*

Sag 1:20: "Daarop toon die HERE my vier smede." (Die Engels sê: 'Carpenters').

*Hy sê, moenie bekommerd wees nie, ek stuur die vier vakmanne om die verwoesting wat deur die vier horings gesaai is, te kom herstel.*

Sag 1:21: "Toe sê ek: Wat kom hulle maak? En Hy antwoord en sê: Dit is die horings wat Juda só verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi."

*Vier smede, skrynwerkers. Wat is ‘n skrynwerker? Dit is Jesus. Dit is die vier Evangelies wat die fondasie van die stad is (Illustrasie 31b).*



Illustrasie 31B

Sag 2:6: “Op, op, vlug uit die Noordland, spreek die HERE! Want Ek het julle na die vier windstreke van die hemel verstrooi, spreek die HERE.”

*Hy sê: Kom uit jou donker gedagtes, jou gemoed is donker. Die woord ‘Noordland’ meen* ***donker*** *en word 122 keer in die Ou Testament gebruik. Dit beteken altyd donker. Dit word slegs twee keer in die Nuwe Testament gebruik, waar dit beteken ‘koninkryk’ of ‘Jerusalem’.*

Sag 2:12: “En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies.”

*Jerusalem sal herrys word deur lofspraak.*

Sag 2:5: “En Ek sal vir hom wees, spreek die HERE, ‘n vurige muur rondom en tot heerlikheid daar binne-in.”

*In die skildery word die mure van die stad omring met vuur. Ons is dus in ‘n vuuroond, maar ook veilig in die omringende mure van vuur.(31c)*




Illustrasie 31C

Heb 12:6: “...want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aan-neem.”

*As jy hoog bly in hierdie plek, bokant die lyn, is jy veilig en niks kan jou bereik of skade aandoen nie. Ek sal die trots en heerlikheid in haar midde wees. Dit verwys na die heerlikheid van haar tempel*.

Ek probeer hier vir u wys dat daar baie meer aan die profete is as wat ons weet. Die sewe oë in die rots, verwys na die sewe kerke op die **rots**, wat Christus is. Ek wil nie graag u plesier verder bederf nie. Gaan delf in die Skrif en vind vir uself hierdie goed. Lees die res van Sagaria en vra die Heilige Gees om u te wys.

## DIE VINGER (Illustrasie 31d)




Die vinger van God is Sy Gees.

Luk 11:20: "Maar as Ek deur die vinger van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God waarlik by julle gekom."

Dit beteken sy (die bruid) spreek in tale. Paulus sê dat wanneer jy in tale spreek, dan loof jy goed. As jy nog nie in tale kan spreek nie, moenie daaroor bekommer nie. Soos wat jy groei in die gees en meer gemaklik word in die hoë plek, sal jy een oggend wakker word met 'n biddende stem binne jou. Vra eenvoudig op hierdie stadium die Here om jou ook die gawe van tale te gee op Sy tyd. (Ander studies sal ook vir jou verduidelik hoekom jy die gawe van tale nodig het).




## DIE BERG (Illustrasie31e)

Het jy ook al mense hoor sê: “Kom ons gaan na die berg van die Here?” Dit is ‘n geestelike berg waarvan hulle hier praat. Dit is nie die klein bergie onder, in die linkerhandse hoekie nie. Daar waar selfs Moses bang was en diere met klippe doodgegooi is nie. Dit is die Berg van Heb 12:22.

Heb 12:22: “Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,...”



Illustrasie 31F

Ons het alreeds gearriveer!

Dit is die Jesus-berg. Kyk na die buitelyne van die berg in die skildery (Illustrasie 31f). Hy is die berg. Hy is ook die hoeksteen wat verwerp was. Die berg is ons heiligmakings-proses. Hy is altyd teenwoordig, selfs al voel dit somtyds asof ons alleen is. Daar is ‘n plek in jou gedagtes waar jy op die berg kan kom. Dit is die plek waar ons saam die hemelse Stad, Jerusalem, vorm. Dit is waar die Engele is (Illustrasie 31g).



Illustrasie 31G

Heb 12:23: “...by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,...”

Die *Eersgeborene* is Jesus. *God is die regter* wat ons veroordeel, (net asof ons nooit sonde gepleeg het nie).

*Die gees van opregte mense*. Die mense wat alreeds gesterf het is ook hier (Illustrasie 31h).

Heb 12:24: "...en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel."



Illustrasie 31 H

Dit is hier waar die bloed op die siel toegepas word. Die bloed is vir die siel. Dit bewerkstellig die veilige hawe op die top van die berg. (Onthou die eerste boek DIE LYN.) Jesus sprinkel net Sy bloed en die vyand kan nie meer hierdie hoogtes binnedring nie.

## DIE TROMPETTE

Joël 2:1: "Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die HERE kom, want hy is naby..."

Blaas die trompet in Sion. Jesus blaas die trompet oor jou siel. Hy verklaar jou Sy bruid en Homself die bruidegom en dat Hy gesterf het sodat jy hierdie geestelike-realm, hierbo, hier in jou 'mind', kan beleef. Hy gee nou vir ons Sy gedagtes. Die gedagtes van Christus, want Hy is besig om ons hele gedagtegang te verander (Rom 12).

## AFMETINGS VAN DIE STAD

Ef 3:18: "...en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,..."

Ef 3:19: "...en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God."

Dit is die presiese afmetings van die stad waarvan Openbaring 21 praat.

## DIE WAPENRUSTING (Illustrasie 31i)



Illustrasie 31 I

Efesiërs 6 leer ons van die wapenrusting wat in God gedra moet word. Kyk na haar helm van Saligheid. Haar gedagtes is gevul met die Water van Jesus. Kyk na haar borsplaat van Geregtigheid, dit is 'n tempel gevul met Heerlikheid. Sy is omgord met die Waarheid en Vrede vloei oor haar. Haar Skild is die mure rondom haar en die Swaard is die wyse wat sy die Woord verkondig.

## DIE VROU BY DIE FONTEIN

Jesus het by die fontein van Jakob gesit toe Hy dors word (Johannes 4). Jakob die bedrieër wat Israel die oorwinnaar geword het. Jesus het vir Israel van die Lewende water gevra. Maar natuurlik was daar niks nie. Hy sê vir die vrou sy kan van hierdie water by Hom kry. Hy vertel haar dat sy reeds vyf mans gehad het en nou by die sesde bly, maar dat hy nie haar man is nie. Hier ontmoet sy toe die sewende man en word self 'n fontein. Sy laat val die skepbak en hardloop dorp toe om vir almal te vertel, hulle moet kom kyk, hier is 'n man wat water in wyn verander. Hy verduidelik toe aan haar waar om te aanbid. Nie in die fisiese Jerusalem nie, ook nie op die berg waar Moses die gebooie ontvang het nie, maar in die Gees en die Waarheid.

## DIE ROOI ROOK (Illustrasie 31j)



Illustrasie 31 J

Buite die poort is 'n rooi rookwolk wat aan die voet van die berg begin. Dit beteken, Jesus is buite die stad gekruisig. Dan word die berg Sinai deur die rook bedek. Want die wette is nou volbring en gekanselleer (Illustrasie 31k).

Dit laat ons groei van saligheid tot saligheid, totdat ons die heerlikheid bereik in die middel van die skildery, waar ons die bruid van Jerusalem word.



Illustrasie 31 K

Jes 66:12: "Want so sê die HERE: Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word."

Jes 66:13: "Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word."

Hoogl 7:10: "Ek is my beminde s'n, en sy begeerte is na my."

Hoogl 7:11: "Kom, my beminde, laat ons uitgaan in die veld, laat ons in die dorpe vernag."

Hoogl 7:12: "Laat ons vroeg na die wingerde gaan, laat ons sien of die wingerdstok uitloop, die druiwebloeisel oopgaan, die granate blom. Daar sal ek u my liefde gee."

Net soos die Leviete-priesterdom, net die Here God geërf het, so is ons erfporsie die realm van die Gees op die Berg in Christus.



# DIE TWEE KONINKRYKE

## HOOFSTUK 2

Ek het op die strand, by die see gestaan toe God vir my sê dat my hemel te hoog is. Ek is geleer dat die hemel 'eendag' is. "Byt vas ou broer, eendag sal dit weer met jou goed gaan." Ek het my lewe lank vir die Here gewerk en het nou die einde van my kragte bereik. Op hierdie stadium het ek die werk van ten minste tien mense gedoen en ek is tot die dood toe uitgeput gewees. Ek was so moeg, dat ek daardie aand in die bad, vir Yvonne gevra het of sy nie asseblief saam met my wil stem om die Here te vra dat ek maar kan sterf en na Sy woning in die hemel kan gaan nie. Sy het die hele nag oor die saak gebid, want sy kon sien dat ek nie meer verder kon gaan nie. Met trane in haar oë, het sy uiteindelik ingegee en toegestem dat ons God sou vra dat ek maar dood kon gaan.

Op Sy sagte, rustige manier, het God aan my verduidelik dat ek my lewe weggooi deur so hard te werk. Toe leer Hy ons dat jy baie meer kan bereik deur eers na Hom te gaan. Hy het gesê dat ons moet rus, aan Hom elke môre, en een dag in die week moet afstaan. So het Hy ons geleer dat daar 'n Hemel op aarde is, as ons maar net in Hom wil kom rus.

Iemand het op 'n keer gevra: "Hoekom is dit so dat ek wil huil, elke keer as ek aan die Here dink?" Want jy is geskape om by Hom te wees. Jy is egter te besig met jou lewe. Soos jy hier aan die onderkant huil, so sit Hy daar, bokant die lyn in trane en wag op jou. Jy moet die besluit neem, ophou huil en leer om in Sy teenwoordigheid te lewe. Jy moet leer om in te gaan. (Hierdie sal volledig in die volgende klompie skilderye verduidelik word).

Tydens die maak van hierdie prent, het ek aanmekaar gebewe en nie een maal geweet wat ek besig is om te skilder nie. God het my net drie verwysingspunte gegee. Die hoogte van Sy 'mind' aan die kruis, dieselfde hoogte van die 'mind' van die bruid en die hoogte van die altaar wat op die grond staan. Die res moes ek skilder terwyl ek teenaan die doek gestaan het, want ek is nie toegelaat om terug te tree nie. Toe ek klaar is met die skildery, het ek teen die oorkantste muur gaan sit en die trane het uit my gestroom. Ek vra toe vir God of Hy vir my ten minste tien



Illustrasie 32

teksverse kan gee vir die skildery. Toe gee Hy my 'n honderd, net uit Jesaja.

(Illustrasie 32). Die donker koninkryk is links en die koninkryk van lig is regs. Om mee te begin, let op die verskil in diepte. Die bruid op die berg asem God se wind, (Sy persoonlike nabyheid) in. Sy woon in 'n stad op die heuwel en is die lig van die wêreld. Die sout van die aarde. 'n 'Stad' is

die eerste ding wat God die kerk genoem het.

Jes 60:3: "En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang." (Jes 2:2-3; Jer 3:17).


Illustrasie 32.1

Ons is 'n koninklike priesterdom, 'n Heilige Nasie. Hy het ons omvorm vanaf die Donker Koninkryk na die Koninkryk van Sy geliefde Seun, Jesus.

Matt 5:5: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe."

Die rivier wat uit die stad uitvloei, verdeel in vier lope (Illustrasie 32.1). Die eerste een aan die regterkant, het kamele met geskenke op. God voorsien in al ons behoeftes, as ons op die berg is, Sy wil doen en by Hom is. Ek weet dit maak in die hedendaagse lewe nie maklik sin nie. Hoe kan ek by God gaan sit en ophou werk, wie gaan vir my gesin sorg? Toe ek ophou om te probeer voorsien, het God ingetree en vir my die openbaringe in die koelte van die dag gegee.

Op die tweede rivier staan 'n man. Hy is besig om die siekes gesond te maak. Hy is die koning. Die derde rivier is die priester. In Sion sal daar geen ongesteldheid meer wees nie. Die profeet is die laaste een, die een met die sekel. Hy kyk af op 'n see van mense. Die oes is ryp!

Al drie hierdie ampte is in elkeen van ons. Jy is 'n Profeet, 'n Priester en 'n Koning van die Koninkryk binne-in jou. Al drie met net een doel en een taak voor oë, en dit is om die glorie en heerlikheid van God uit te leef.

Openb 22:2: "In die middel van sy straat en weerskante van die rivier *was* die boom van die lewe wat *twaalf maal* vrugte dra en elke maand *sy vrugte* gee, en die blare van die boom *is* tot genesing van die nasies."

Dit verwys terug na ons wat 'n boom is, geplant is by strome van water en elke ding wat ons doen, word geseën met voorspoed. Ons bring ons vrugte voort in die regte seisoen, soos in Psalm 1.


Illustrasie 32.2

**Die Donkerkant** (Illustrasie 32.2)

Die Koninkryk van die Duisternis. Hierdie kant is plat en sonder enige diepte. Dit verteenwoordig die Wêreldstelsel wat sê: "Jy sal doen soos ons sê en ons sal jou beloon."

(Illustrasie 32.3). In die boonste, regter-kantse hoekie, sien u 'n driehoek met 'n oog direk aan die bokant. Die teken van Satan en sy alsiende oog. Ons ken dit baie goed aan die een dollarnoot van die VSA. Dit verteenwoordig die finan-siële strukture van die wêreld.(Illustrasie 32.4). Die klein, vet mannetjie sit binne in die finansiële struktuur. Hy het tentakels wat uit sy bas groei en hulle vind hul weg regdeur die res van die skildery.


Illustrasie 32.3


Illustrasie 32.4

Ons weet die liefde vir geld is die wortel van alle kwaad. Ons word geleer om gelukkige, klein belastingbetalers te wees. Ons word aangemoedig om geld by die bank te leen vir motors en huise.

Gedwee en getrou betaal ons stiptelik elke maand en doen dit vir die res van ons lewens.



Illustrasie 32.5

(Illustrasie 32.5). Konings staan met ontsag voor hierdie stelsel. Hulle buig eerbiedig voor dit. Hulle gee nie om waar die geld vandaan kom nie. Waar woon ons regtig op die berg? Ons lewe in 'n totaal verskillende koninkryk. Ons is nie veronderstel om iets met hierdie donker stelsel te doen te hê nie. Ons is veronderstel om ons verwagting vir geld, ten volle in God toe te vertrou. Geen wonder die finansiële sake van die kerk is so beroerd nie. Ons byvoorbeeld, as 'n gesin, word nie toegelaat om enige versekering te koop nie. God het ons gevra: "Wil jy versekering teen My uitneem, indien Ek nie vir julle sorg nie?"



Illustrasie 32.6

(Illustrasie 32.6). Die volgende figuur, net onder dit, is 'n oorlogsgod. Ons is vertel dat oorloë gevoer word vir morele redes. Dit is gewoon net nie waar nie. Oorloë gaan suiwer net oor geld, die grootste vermorsing van tyd, ooit. Belangrike mense sit rondom groot tafels en praat oor niks! Teen die tyd wat hulle klaar gepraat het, het ons die werk klaar gedoen.



Illustrasie 32.7

(Illustrasie 32.7). Die volgende een, in die boonste linkerhoek, is 'n sterk man wat direk in ons rigting wys. Hulle is die prinse en vorste met baie mag onder die Vrymesselaars. Ons is dag en nag onder bespreking. Die donkerte is

voortdurend op die uitkyk vir enige teken van swakheid. Die vrymesselaars is 'n baie slim organisasie waar hooggeplaasde mense gedurig in kontak met mekaar bly. Op hierdie wyse weet hulle vooraf



Illustrasie 32.8

waar die volgende ontwikkeling gaan plaasvind. Dit gaan alles net oor geld en die groot teleurstelling is dat dit die seën van die kerk geniet.



Illustrasie 32.9

(Illustrasie 32.8). Die klein mannetjie wat op 'n troon sit met 'n sterk lyfwag aan sy regterkant, het 'n geldtentakel om sy lyf gedraai. Die vrou kniel op die demoon van wellus en die tentakel is rondom die man se regterbeen gedraai. Die gees gaan deur hom, kom by sy toon uit en val in 'n beker, waar die probleem net groter word. In hierdie geval is die probleem wellus. Dit kan egter ook vetsug, alkohol ens. wees.



Illustrasie 32.10

(Illustrasie 32.9). Die volgende persoon staan met sy arms in die lug en daar is 'n ketting om sy 'Mind'. Sy gedagtes is in 'n vesting. Hy eer geld. Vestings van die soort, is nie op berge of stede of selfs onder die grond nie, dit is in die gedagtes van mense.

(Illustrasie 32.10). Die volgende is hebsug. Die gees het hierdie persoon se 'mind' tussen sy tande en hy is besig om hom heeltemal te manupileer. Hy sal selfs moor vir geld (swaard). As jy glo dat jy eendag die lotto gaan wen en dan sal alles regkom, is jy besig om jou tyd te mors. Ons lewe in geloof en aan die teenoorgestelde kant van die skildery.



Illustrasie 32.11

(Illustrasie 32.11). Die volgende is bitterheid. Die man het geld aan iemand geleen, dit nie teruggekry nie en nou is hy verbitterd. Hy sit alreeds in 'n rystoel as gevolg daarvan. Ons sê vir hom: "vergeet van die geld, saai dit". Maar hy kan nie hoor nie. Die

saadetertjie is besig om al sy goeie denke te steel en hy drink net dieper en dieper aan die beker van bitterheid. Hy het kanker en sal binnekort sterf.

(Illustrasie 32.12). Nou kom ons by geloof. Geloof word altyd baseer op die wet. Die Tien Gebooie. Hier, aan die linkerkant het ons die geloofsdemoon. Daar kom 'n bitter gif uit sy een tand. Die persoon naaste aan die demoon het uitgevind hoe om die gif op te vang en die ander mense dink nou hy is wonderlik. Hulle verwerk die gif en gee dit vir mekaar aan. Hulle gee ook vir ons daarvan, daar waar ons aan vrees vasgeketting is. (Sien bo regs). Ons drink dit sonder om vrae te vra. Die volgende persoon in die kring is besig om te mediteer en sweef tussen die berge in sy gedagtes rond. Die volgende persoon het 'n mes waarmee hy homself sny. Hy dink hy is godvresend. Die laaste karakter is besig om die maan en sterre te aanbid. Hy dink ook hy is godsdienstig. Die ketting wat al hierdie mense aanmekaar gebind het, is nou vas aan die Dier. Maar kyk nou noukeurig. Die een skakel is gebreek en is reeds so gebreek vir die afgelope twee duisend jaar. Kyk nou hoe die wortel van alle kwaad, besig is om die hele land van geloof, te omsirkel. Dit is altyd, alles oor geld.



Illustrasie 32.12

(Illustrasie 32.13). Hierdie man loop met sy 'mind' op gloeiende kole.

Sommige mense kan selfs yster met hul 'minds' buig.



Illustrasie 32.13

(Illustrasie 33). Soos ons weet, het Jesus al hierdie dinge in Sy 'mind' en op hom geneem (A) tydens Sy kruisiging. En toe Hy sterf, het Hy Sy bloed op die altaar (B), die aarde, gestort. Dit is in Sy siels-realm wat Hy die kragte van die duisternis oorwin het  en die Leeu van Juda (C) geword het. Hy het die poorte van brons, met yster-skaniere oopge-breek. Hy spreek lig in die hel in en klee die dooies in heerlikheid (graf-te wat oopgegaan het) (D) en hulle het voortgegaan in die Berg van Sion (E).




Illustrasie 33

(Illustrasie 33.1). Die volgende is die Duiwel in die Hel. Hy is tussen die vlamme, wurms en verrottende karkasse.



Illustrasie 33.1

Jes 14:13: "En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde." (Duisternis).

Dit is die swaap wat ons Noorde ('mind') wil beheer en ons sodoende donker maak. Hy wil regeer op die Heilige Berg, die plek wat gereserveer is, net vir die uitverkorenes van God.

Jes 14:15: "Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!"

As jy die voetnota in die Geamplifiseerde Bybel lees, sal jy vind dat Lucifer, nie die duiwel is nie. Hierdie behoort jou ook te help om Esègiël 28, beter te verstaan. Die plek in die berg waar die Heiliges is, is natuurlik die Tuin.

# DIE SKRYNWERKER

## HOOFSTUK 3



Illustrasie 34

Nou kan ons uiteindelik met die goeie dinge begin. U moet nou kyk na die skildery hierbo.  Bo, regs is die Boom van die Lewe. Die woord ‘boom’ in hierdie verband, beteken ‘skrynwerker’. Ook galg of planke. Jesus is ‘n skrynwerker, Hy is gehang aan ‘n galg (die kruis), die boom is opgesaag in planke vir die maak van die Verbondsark wat met goud beslaan is.

Konings wou altyd 'n **tuin** gehad het**.** *(Op hierdie stadium sal dit goed wees as u die woord 'Garden' in u e-Sword Bible search kan intik. Dit sal u baie help om die volgende studie van die Tuin te volg).*

Soos gesê, konings wou altyd 'n tuin hê. Hulle is in 'n tuin begrawe, hulle is aangeval deur die tuin, hulle het gevlug deur die tuin en die tuin het altyd twee mure gehad. Jesus het Sy dissipels na 'n tuin geneem. Hy het in die tuin van Getsèmane gebid. Hy is langs 'n tuin gekruisig en in 'n tuin begrawe. Maria het Hom met 'n **tuinier** verwar.

Joodse geskiedenis sê dat Hy in die tuin gekruisig is. Johannes die Doper het die tuin gepredik. Dit maak alles sin. Ek het altyd gewonder hoekom die Jode so graag na Johannes die Doper geluister het. Dit was omdat hy hulle vertel het dat hulle sou terug kon gaan na die tuin waar Adam gebly het.



Illustrasie 34.1

(Illustrasie 34.1). Goed, kom ons gaan terug na die skildery. In Genesis se Tuin van Eden het daar 'n rivier regdeur die tuin gevloei en dan in vier lope vertak. Die eerste rivier het die land van Havilha, waar baie goud was, omsirkel. Goud is natuurlik in die Bruid, in haar tempel, (haar glorie). Dit is die rivier met die kamele en hulle geskenke.

Die groot veld in die middel van die skildery, is 'n massa mense. Die Bybel praat van 'n see. 'n Groot menigte is 'n see van mense.

Jes 60:5: “Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan.”

Jes 60:6: “‘n Menigte kamele sal jou oordek, die jong kamele van Mídian en Efa; hulle sal almal uit Skeba kom; hulle bring goud en wierook en verkondig met blydskap die roemryke dade van die HERE.”

God sorg vir Sy kinders.

Die tweede rivier vloei die naaste aan die nasies, die derde die verste en die vierde vloei na die oseaan.

Voordat ons enigsins verder kan gaan met die Tuin, moet ons eers ‘n beter begrip kry van wat by die Kruis gebeur het.



Illustrasie 35

# DIE VOORHANGSEL

## HOOFSTUK 4




As ons die laaste skildery in twee sou skeur, sou dit simbolies wees van die voorhangsel wat in twee geskeur het. Die skeiding tussen die Heilige plek en Heiligste van Heiliges. Die vernietiging van hierdie wetteloosheid gebeur soos die skielike uitbarsting van lig. (1 Tim 6:14; 2 Tim 4:1-8).

Dit is die opkoms van die *oggendson*. Onthou die naam van die Koninkryk van Lig, is Oggendson. (blydskap en hemelvuur).

(Illustrasie 34.1). In die skildery bo, sien u dat die voorhangsel toe is en dat Jesus voor dit hang. Soos die voorhangsel oopgaan en die nuwe dimensie van Oggendson openbaar, is dit asof Jesus se liggaam ook in twee skeur. Die klein wit kolletjie op die berg, agter Jesus, is jou 'mind'. Dit is die Koninkryk van God, die plek waaroor Jesus nie kan ophou praat nie. (Net soos Simson saam met die Filestyne gesterf het).




(Illustrasie 34.2). As u nou na die prent kyk, sal u opmerk dat die voorhangsel heeltemal oop is en dat ons nou die berg Sion kan sien. Die rooi sirkel om die top van die berg is die Bloed van Jesus. Dit vorm die 'Lyn' wat ons teen hierdie tyd baie goed ken. Aan die kante is Armagèddon. In die volgende boek, 'Die Geheimenis van die Eeue', sal Armagèddon volledig behandel word. Dit beteken eenvoudig dat daar geen groter gebeurtenis in die geskiedenis is, as die kruisiging nie. Die kruisiging van Jesus is die middelpunt van al die geskiedenis. Die enigste manier wat daar 'n groter gebeurtenis kan plaasvind is, as Jesus weer gekruisig sou word. Armagèddon is die koninkryk van duisternis teenoor die Koninkryk van Lig. Ons weet wie die stryd gewen het, ons het egter 'n probleem om dit te verstaan.  In Jesaja 53, lees ons dat Jesus, ten spyte daarvan dat Hy vlekkeloos was van enige sonde, Sy Lewe gegee het en Sy siel uitgestort het ter wille van die sonde.

In die geestelike koninkryk het die Gees van Jesus die bloed gesprinkel en sodoende die hoogte van die LYN bepaal. U weet waar dit is. Geen duiwel kan ooit weer deur hierdie bloedlyn gaan nie. Ons is geleer dat eendag sal ons van die aarde af weggeneem word en dan sal die antichris regeer. Dit is die sogenaamde wegraping. Hierdie lering is baseer op 1 Thess 4:17.

1 Thess 4:17:  "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Eerstens, die wolke is die mense wat reeds fisies gesterf het, maar lewe in die hemel (Heb 12:22). Daar waar ons saam met Christus sit in Hemelse plekke (Ef 2:6).

Tweedens word met die woord **'lug'**, **'asem'** bedoel. [Ruagh], Gees van God. Dit is soos die 'aandwindjie' waarvan in Genesis 3:8 gepraat word. Dit is egter aansienlik koeler as 'n aandwindjie, eintlik beteken dit 'yskoud' ('to chill'). Ons is 'bergmense' en ons asem God se lug en ons is ge-'chill'. Maar as ons na benede kyk is ons warm (stres).

**Vrydag, tyd vir die aandoffers**. Die Mathew Henry Kommentaar sê dat tussen die derde en sesde uur, Hy aan die kruis vasgespyker is. Dit is tussen nege- en twaalfuur, volgens ons berekeninge. Kort na die negende uur, dit is tussen drie- en vieruur die middag, het Hy gesterf. Dit was die tyd vir die offering van die aand-offergawe. Dit was ook die tyd dat die Paaslam geslag moes word. Jesus, ons Paaslam is geslag vir ons en Hy het Homself as 'n aand-offergawe aangebied en is geoffer in die wêreldse aand , as 'n welriekende offergawe aan God. Dit is teen dieselfde tyd van die dag dat die Engel Gabriël daardie wonderlike tyding van die Messias, aan Daniël gebring het. (Dan 9:21; Dan 9:24 ens.) Sommige mense het bereken dat vanaf die oomblik dat die Engel die voorspelling gepreek het, tot op hierdie dag wat Jesus aan die kruis gesterf het, dit presies sewentig weke was. Dit is vier-honderd-en-negentig jaar, tot op die dag na, tot op die uur na, wat die groot uittog van Israel uit Egipte plaasgevind het. Die uittog uit Egipte was aan die einde van die vier-honderd-en-dertigste jaar, selfs tot op die dieselde dag (Eks 12:41).

Die negende uur, om drie-uur die middag. (vergelyk nota's met 1 Konings 18:36). Voorheen, in die tyd toe die tempel nog gestaan het, is hierdie uur

gewy aan die bring van offergawes. Nou is die uur gewy aan die rooftog van 'n Prinsdom. Die rooftog van gesag. In 'n luide stem het Hy uitgeroep vir Meesterskap. Opperheerskappy, soos 'n magtige om te red. (Jes 63:1, vergelyk ook hiermee, Jes 42:13 en 14). Toe het Hy met al Sy kragte, Hom onderwerp, soos Simson gedoen het, toe hy gesê het: "Laat my saam met Filestyne sterf" (Rigters 16:30).

Matt 2:11: "En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys. Daarop maak hulle hul skatte oop en bring vir Hom geskenke: goud en wierook en mirre."

Goud omdat Hy 'n koning is, wierook omdat Hy 'n priester is (wierook maak 'n wit welriekende rook as dit op 'n warm kool geplaas word), en Mirre wat bitter is. Bitter want Hy moes sterf. Volgens Midrash, (Joodse Bybelstudente), word Hooglied 4:6, op Paasnaweek se Saterdag-oggend, in elke Sinagoge gelees. Ek toets altyd die kommentare om te sien of hulle Hooglied 4:6 verstaan. Hier is dit:

Hoogl 4:6: "Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, sal ek gaan na die mirreberg en na die wierookheuwel."

Son 4:6: "Until the day breaks and the shadows flee, I will go to the mountain of myrrh and to the hill of incense."

Midrash vertaal dit soos volg:

**"Totdat die ysigheid van die aandwind, die dag se skaduwees laat verdwyn".** Dit is met verwysing na die koue in die tuin, wat verlore gegaan het en afgestaan is aan die donker, skaduagtige Koninkryk van die Duisternis.

**(Totdat) die dag breek** , Oggendson. Job 11:16 sê die probleme verdwyn as die Oggendson verrys. 2 Petrus 1:19, Oggendster sal verrys. Dit is dieselfde ding. Jesus is die Oggendson.

**Mirreberg.** Dit is die Kruisberg. (Calvary = Latyn, Golgotha = Hebreëus).

**Wierookheuwel.** Dit is ons berg (Ps 132:13).

Ps 132:13: "Want die HERE het Sion uitgekies, Hy het dit as woonplek vir Hom begeer…"

Ps 132:14: "Dit is my rusplek vir ewig; hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer."

Ps 132:15: "Sy voedsel sal Ek ryklik seën, sy behoeftiges versadig met brood;..."

Jesus praat net van Sy Sionsmense. Hulle wat hoog gekom het, wat hoog aanbid en wat hoog lewe.

Ps 48:2:(48:3) "Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, **aan die noordekant**, die stad van die groot Koning!"

Die woord 'noordekant' is die 'mind'.

In die plek waar Jesus gekruisig is, was 'n tuin. Die Goddelike lewe is vernietig in 'n tuin, maar sal weer opstaan in 'n tuin.

Hoogl 5:1: "Ek het in my tuin gekom, my susterbruid,..."

Die Midrash sê: "Kom in, kom in die tuin in." Hierdie skriftuur word elke Saterdag en elke Paasnaweek gelees, tot vandag toe.

## Sondagoggend

Sondag is die Hebreëuse fees van die eerste vrug van die oes. Baie vroeg in die oggend, voor sonop, gaan die Hoëpriester af in die vallei van Jerusalem. Na die vallei van Kidron. As die eerste strale van die son oor die ryp koringlande opkom, pluk hy seremonieël van die eerste halms van die Lenteoes af.

1 Kor 15:20: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het."

1 Co 15:20: "But Christ has indeed been raised from the dead, the firstfruits of those who have fallen asleep."

Jesus het opgestaan as die eerste vrug van die wedergeboorte. Jesus was 'n oggend-mens. Hy het altyd vroeg opgestaan om te bid. Dit het ook so gebeur dat Sy opstanding vroeg in die oggend was, met die eerste strale van die son, en so het Hy die Koninkryk van Lig verklaar. Maria Magdalèna het baie vroeg na Jesus se graf gegaan. Dit was nog **donker.**

Die historiese mening van die donkerte is, omdat Jesus die Lig van die Wêreld, nog nie opgestaan het nie. Sy opstanding daardie oggend was die begin van die Lig-dispensasie. Geen wette meer nie, net goedertier-endheid.

Hier is iets interessant. In die Bybelse tyd het skrynwerkers die gewoonte gehad om, wanneer hulle 'n opdrag gegee is om iets te bou, of om 'n skrynwerkerstaak te verrig, 'n doek uit te hang. Aan die einde van die dag het hulle hierdie doek gebruik om die sweet van hul gesigte af te vee. Wanneer die werkstuk dan afgehandel is, is die doek netjies opgevou en

op die voltooide werkstuk geplaas as aanduiding dat die taak voltooi is. Dit is presies wat die dissipels in die leë graf van Jesus gevind het. Die gesigsdoek was netjies opgevou en het nie saam met die ander verbande rondgelê nie.

Die Skrynwerker wat met bome werk, het Sy taak afgehandel. Sy taak was om die mensdom terug te bring in die tuin in, volgens die oorspronklike droom van die Vader.

Toe Maria Magdalèna die TUINIER sien, het sy Hom verwar met die tuinier.  Natuurlik is Jesus 'n tuinier. Hy is die tuinier van die Koninkryk-dimensie, die onderwerp van die volgende skildery.


Neem kennis van hoe die vier riviere vanaf die top van die berg afvloei om die aarde te vul met die kennis van God se guns. Ek glo dat dit iets te doen het met die kleed van Jesus, wat deur die Romeinse soldate in vier stukke geskeur is. Eers was daar net een wat die Woord verkondig het, nou is daar vier. Die vier Evangelies. En die Woord is gratis vir almal.



Illustrasie 35

# DIE TUINSKILDERY

## HOOFSTUK 5




Illustrasie 35: Hier is ‘n persoon wat staan met sy kop in die koel van die dag. Sy kop is bokant die water. Hy kyk op na Jesus en hy lyk soos Jesus. Bokant sy kop is ‘n Tuin.

Jesus is ‘n tuinier en Hy werk met bome. Die bome wat Adam van kon eet meen ‘skrynwerker’: Jesus. Dit beteken dat solank as wat Adam geestelike gemeenskap met God gehandhaaf het, (ge-ëet het van Jesus), was hy veilig in die tuin. Die resultaat was dat sy aarde sou word soos sy gedagtes. Jesus is die fontein van die lewe. Hy is ook die berg. Die bloed is die enigste rede hoekom hierdie persoon in staat is om op te kyk na Jesus.

(Sien die rooi lyn net onder sy kop). Die krag om op te kan kyk is in die bloed. (Jesaja 30:28), -- dit reik tot by die nek. Onder die bloedlyn is die donker lewe. Die Koninkryk van Duisternis. Daar is vrees, oordeel, skinder, depressie en die brullende Leeu. Aan die persoon se regterkant is goeëlary, woede en al die ander verskriklikes.

Omdat hierdie persoon die donker, onder-lewe ignoreer, is sy gedagtes koel. Sy beker loop oor van die kennis van die heerlikheid van Die Vader. Dit vloei uit sy maag te midde van die getier van die wêreld, wat probeer om sy aandag na benede te lei.

In God se gebed sê Hy ons moet bid: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose." Baie mense vra my, maar hoekom sal God? Dit is om u te wys hoe naby hierdie twee dimensies aan mekaar is. As ek af kyk, (versoeking), dan voel ek die hitte (stres).


Illustrasie 35.2

(Illustrasie 35.2). In die boonste linker hoek van die skildery is daar 'n bankie onder 'n boom. Hy berei 'n tafel vir my voor, voor my vyande. Ek het eers net 'n stoel daar gehad, maar toe sê Yvonne: "Wat as ek en Jesus by jou wil kom kuier en ons sit saam en kyk hoe ons kinders in die water speel?" Die rankplant wat in die boom opgroei, is ons tiendes. Hier sal ons nou sit en dit water gee en lewe in dit inpraat. Tien persent van ons inkomste is 'n groot som geld en kan nie sommer enige plek gesaai word nie. Dit is heilige geld en kan alleen onder die leiding van die Heilige Gees gesaai word.

As mense in ons bediening saai, word die geld hier hoog gehou en hier bo, bespreek ons dit met die Here. Maar die mense wat die saaiwerk gedoen

het, moet dit ook hoog hou en nie af kyk en bekommerd wees oor die saaiwerk nie.

Die klein blommetjies aan die voorkant is saad wat reeds gesaai is. Aan die regterkant is daar 'n kaal, klei area waar ek dinge in my gedagtes skep, alvorens ek dit in die fisiese wêreld probeer.

Een oggend was ek 'n arend in die tuin. Ek het hoog gesweef en uiteindelik, op die berg, langs Jesus gaan sit terwyl hy af, oor die vallei gekyk het. (Illustrasie 35.3). Onder in die vallei was daar reuse geploegde lande wat gedek was met goue, ryp graan. Dit was hoe dit van hierdie hoogte af gelyk het. Ek vra die Here toe : "Vader, wie se landerye is dit diè?" Hy antwoord my en sê: "Dit is joune".



Illustrasie 35.3

Ek het saam met die Here afgegaan om te gaan kyk. Tot my teleurstelling was die grond droog en gekraak. Daar was geen are aan die halms nie.  Ek vra: "Here, wat gaan hier aan?" Hy verduidelik toe aan my dat dit die kere was, wat ek in die geloof gesaai het, maar as ek uit die tuin gekom het, het ek af gekyk. Ek het gewonder of alles dan nou vir ewig verlore was, toe sê Hy: "Jy kan altyd weer ploeg!"

Die volgende oomblik toe sien jy net rooi trekkers wat ploeg. Die grond was ryk en klam. Toe vlieg die saad in elke rigting en toe ek daar weggaan, het die sproeiers gewerk en die vars geploegde landerye besproei . Ek het nog nooit van sproeiers gehou nie en praat toe met God daaroor. Sien, ek

wou graag reën gehad het, maar wolke sou die lig verswak het. As skilder het ek lig nodig om te werk. Toe gee Hy my reën met lig. Toe ek die middag teruggaan, was die stropers reeds besig om die oes af te haal.

Omtrent nege maande later, ontvang ek 'n tjek met 'n groot bedrag geld daarop. Nou kyk, ek het al vir groot somme geld gewerk. Hierdie was egter die grootste bedrag wat ek ooit op een tjek ontvang het!

Aan die regterkant van die skildery, (Illustrasie 35.4) is die ruiter- en perdfiguur Die Heilige Gees onder wie se leiding ons plant en saai. My hele familie kom uit 'n sendings-agtergrond. My broer Paul en sy vrou Ellie het hul hele lewe, onder die swart inwoners van ons land, in die sendingsveld spandeer. Jammer om te sê, die oeste bly maar klein. Maar ons bly almal steeds probeer.



Illustrasie 35.4

Hierdie kant van my tuin het ek vir die Here gegee. Oral steek daar klein swart koppies uit die grond. Ek het hulle tot by hul nekke in die grond geplant! En as enige een van hulle by die Skoen verbykom en my vloek, dan haal ek hom uit die grond en plant hom stewig onderstebo. Ek maak egter seker dat daar baie water is. Snaaks genoeg, as hy weer verby die Skoen kom, is hy baie vriendelik en nederig.



Illustrasie 35.5

Ons het 'n plek in die geestelike wêreld gevind waarheen ons al ons probleme kan neem. Die tuin is 'n prettige plek. Al wat ek gedoen het was, ek het die persoon uit my gedagtes gehaal en hom in God se hart geplaas. Hy sal vir die res sorg (Illustrasie 35.5). Laat ek verduidelik. Die

persoon wat in die middel staan, het sy eie gedagtes. Wanneer hy sy lewe aan Christus gee, het hy Christus se gedagtes. Nou wie ken die hart van die Vader? Net Jesus. Jesus is dus die tuinier en die tuin is Vader se hart. Dit beteken dat ons die probleem in Vader se hart moet plaas. Daar is eenvoudig nie ‘n beter plek vir ‘n probleem nie.

Omdat ek my landery vir God gegee het, het Hy vir my baie landerye gegee. Daar saai ek nou vir my kinders, want hulle werk vir die Here in die Grot en verdien min geld, terwyl hulle hier ook baie eensaam is. Agter hierdie heuwels is daar ‘n vuur waar al die afval verbrand word. Ons almal het vooropgestelde godsdienstige idees waarvan ons ontslae moet raak. Al die probleme in ons lewens kan nou na die tuin gebring word. Of dit gesondheids-, finansiële- of persoonlike probleme is, bring dit tuin toe.

Ek was besig om hierdie skilderye te maak en terselfdertyd die skriftuur na te vors, toe ons die tuin ontdek het. Dit was asof daar ‘n groot waterval in my was. Ek kon mense nie mooi hoor nie en ek het ‘n dronk gevoel in my kop gehad. Ek het ook ‘n groot sin vir verantwoordelikheid gevoel om die heerlikheid van die tuin, met ander mense te deel. Dit wou by my uitborrel. Maar toe maak ek my eerste fout. Alhoewel God die tuin aan ons gegee het, groei dinge steeds teen Sy pas. Blomme groei baie vinniger as bome. Toe sê God, ons moet eers die tuin bewys as waar, voordat ons dit mag verkondig. Ons moet eers drie getuienisse bring.

As ‘n gesin het ons die hele tuin-idee geweldig geniet. Aan die begin het ons die kinders na hierdie ‘geheime plek’ gebring. Yvonne het dit egter te langdurig gevind en somtyds aan die slaap geraak. Maar toe sy hoor die

‘geheime plek’ is eintlik die ‘Tuin’, het sy so entoesiasties geraak dat sy selfs prente uit tydskrifte gesny het en aanmekaar geplak het. Sy kon vir ure na die prente staar, terwyl sy met die Here praat. Een oggend het Hy

in haar tuin ingekom en daar ‘n kruis, as ‘n deur geplant. Haar tuin het sederdien so ontwikkel dat dit nou oor prakties enigiets beskik wat sy begeer. Daar is selfs pragtige strande waarlangs sy kan loop terwyl sy met die Here praat. Daar is watervalle en blomtuine en plekkies waar sy die dinge kan droom waaroor ons ooreengekom het, ons wil hê. Daar kan onsself en ons geliefdes sien, gelukkig en gesond.

Ons het almal tuine en dit is die plek waar jy jou verhouding met God kan verbeter. Dit is die plek waar ons kan droom, want drome verkoel ons gedagtes. Soos ons ouer word wil ons almal tuine hê. As ‘n mens daaroor nadink, is dit ironies dat die meeste van ons reeds so ‘n plek in ons gedagtes gehad het, toe ons jonk was.

Iemand het op ‘n keer vir my vertel dat hy op skool baie ongewild was. Dit het hom ontstel en dan het hy na so ‘n plek gegaan. Toe oortuig hy homself dat dit ‘mind’-speletjies is en dat hy na die werklikheid moet terugkeer. Toe verloor hy sy tuin.

‘n Ander persoon het vertel dat hy eers baie ryk was maar toe verarm het. Sy eerste vrou het hom verlaat en hy is toe weer getroud. Hy het sy tweede vrou ook baie lief gehad en geduldig na haar geluister as sy hom vertel hoe onregverdig die lewe is. Hy het baie simpatie met haar gehad en naderhand saam met haar gestem oor hoe onregverdig dit is. Toe hulle eendag by die Grot besoek aflê, het ek die ‘lyn’ en die ‘tuin’ aan hom verduidelik. Ingedagte het hy my toe vertel hoe sy fisiese tuin by die huis besig is om agteruit te gaan. Alles het gevrek. Hy sê geen hoeveelheid

water of bemesting kon die goed aan die groei kry nie. Hy het dieselfde probleem as Adam gehad. Hy kon nie sy tuin onderhou nie. Adam onderhou jou tuin! Adam onderhou jou gedagtes!

‘n Volgende persoon het kanker gehad. ‘n Mens kon sien dat hy Godvresend is en dat hy die Here lief het. Toe hy naderhand alles verstaan wat ons hom geleer het, het hy my in sy vertroue geneem en my vertel hoedat hy deur sy vader mishandel is. Dit is die onderwerp waaroor hy die meeste kon praat. Hy het teruggekyk en is nie die Koninkryk werd nie. Hy het teruggekyk, dit is om af te kyk, en dit was wat sy kanker veroosaak het.

‘n Verdere geval was die van ‘n persoon wat glad nie sy tuin aan die gang kon kry nie. Hy sê, hy kom net by hope grond. Hierdie man was ‘n vriendelike, saggeaarde mens. Ek het die Here daaromtrend gevra. Die Here se antwoord was, dat hy sy stootskrapers moet vat en sy tuin bou. Hy moet sy koninkryk met mag terugvat.

Nog ‘n persoon, iemand wat ek goed geken het, het ongelooflike geestelike kragte gehad. Maar hy kon die domste keuses uitoefen. Toe hy in sy tuin ingaan, was daar reg rondom hom sulke lang riete. Hy het dit uit die pad gedruk met sy arms, en daar voor hom lê toe die pragtigste tuin. Toe hy egter af kyk na sy voete, toe staan hy in ‘n modderpoel wat hyself veroorsaak het deur die jare wat hy in sirkels geloop het.

## ERGERNIS

As jy jou tuin ingaan, en jy kry net ‘n muur, of ‘n heining, of ‘n groot hoop modder, of ‘n huis, dan kan dit onvergifnis beteken, maar gewoonlik is dit **ergernis.** Ergerlikheid in die sin dat daar teen jou oortree is. Jy kyk op na

die persoon, maar dan vertel hy jou van die vreeslike dinge wat hy doen. Dit is die misstap wat jou ergerlik laat. Ek het hierdie probleem gehad. Dit beteken, ek ag hierdie persoon bo Jesus. Ek plaas slim teoloë hoër as Jesus. Wanneer ek met God verkeer is ek nie ergerlik nie, maar sodra ek

nie by Hom is nie, is ek. Dit beteken ek ag hul hoër as Jesus. Geeneen van ons is perfek nie en ons veroorsaak ergernis ook by ander mense. Dit is egter wanneer ons die ergernis ter harte neem, wat dit by ons verdeelde aandag veroorsaak en daarom sal ons nie die Tuin kan binnegaan nie.

## **‘n DROë TUIN**

Jy kan aan mense sien of hulle tuinmense is. Aan hulle stap en aan hulle praat, kan jy dit sien. Deur na hul gesigte te kyk, terwyl ek die skilderye verduidelik, kan ek duidelik die toestand van hul geeste sien. Een persoon het eenkeer gesê: “Ek ken die plek wat jy van praat. Dit is pragtig daar, maar dit is droog en vol klippe.” Droë tuine word veroorsaak deur ‘eendag sal jy hemel toe gaan’-leringe. Hierdie is wonderlike kinders van die Here wat hul lewens spandeer om vir Hom te werk, maar nooit die res beleef nie. Hulle glo wat ander sê, maar toets dit nooit vir hulself aan die hand van die Woord nie. Totaal toegewy aan God, werk hulle dag en nag om ander mense te help, maar drink nooit van hul eie tuin se fontein nie. Sy tuin is droog want hy het geen openbaring van die Woord nie.

## **TOEKOMSVOORSPELLERS**

Daar is baie geestelike mense wat deur toekomsvoorspellers en sterrewiggelaars uitgebuit word. Alhoewel ons almal tuine het, waar ons van God alles wat ons wil weet, persoonlik kan kry, besoek ons hierdie priesters om van hulle te hoor wat God van ons te sê het. Die Here, **ons**

Here, wag op **jou** in **jou** tuin.

## **VERSKILLENDE TUINE**

Ek het al sommige van hierdie tuine gesien. Die een ou bly in ‘n kremetartboom, die ander het sulke hoë Tarzan-bome en groot poele

water. 'n Verdere een het sulke idilliese watervalle en verskuilde, geheime tuintjies agter die waterval. Daar hang sulke lang swaaie van die bome af en die weer is altyd perfek. Sommige mense het tuine wat geen sin vir 'n ander maak nie, met paadjies wat geheimsinnig in die wolke verdwyn, om dan weer êrens op 'n bergpiek te verskyn en dan net so skielik in 'n skaatsbaan te eindig. Een het 'n skrootwerf, wat hy dadelik wou beskilder asof dit 'n skildersdoek is, vir 'n tuin. Dit alles beteken maar net dat daar diepgewortelde wyses van denke is wat verander moet word.

Daar is selfs ander wat doringbome in hul tuin het. Hierdie doringbome moet deur die Tuinier ontwortel word. Hy sal jou tuin in 'n wingerd omskep wat vrugte dra. In die volgende hoofstukke gaan ek jou wys hoe prakties die tuin is.

Aldo, my seun, hou daarvan om in sy tuin gholf te speel saam met God. Saam slaan hulle af vanaf die bergpieke, oor waterryke valleie en riviere. My dogter Michell, hou weer van die 'Koel Plek', wat u later sal sien. As daar klipvelde in jou tuin is, verteenwoordig dit die wyse wat jy groot gemaak is. Jy **dink** dat dit nie vir jou bedoel is nie.

'n Ander vriend het 'n bosveldplaas. Daar is 'n groot poel water en hy was sy kinders gereeld daarin. Hy sê, hy moet sommige van hulle maar redelik goed skud om skoon te kry, maar in die algemeen doen hulle goed. Die belangrikste punt is, dat jy na Jesus toe moet gaan. Hy sal jou bring waar jy ookal wil wees.

**<u>GETUIENIS</u>**

Ons eerste probleem was ons tiener seun wat die dinge van 'n tienderjarige seun gedoen het. In die verlede het ek die dinge wat hy

doen, met alles wat ek het, beveg. Ons het lang gesprekke gehad, wat niks gehelp het nie. Selfs sy ma, wat hy verafgod, kon niks met hom uitrig nie. Deur Jesus se aanmoediging het ek hom na die tuin gebring. Daar is ‘n groot poel water waarin ek hom behoorlik geskrop het. Nog nie tevrede nie, het ek sy kop teen die rotse gestamp. Die Here sê: ”Sny hom oop sodat ons kan sien wat die probleem is. O, daar is die probleem in sy bors. Verdrink hom en laat hom in die water week vir ‘n paar dae.” Na ‘n paar dae se verloop, haal ek hom uit, pleister hom weer aanmekaar in my modderpoel en hang hom uit om te droog. In die werklike lewe was hy geïrriteerd en het aanmekaar gesê, dit voel of hy besig is om dood te gaan. Die res van ons was natuurlik baie geamuseerd deur sy aksies. ‘n Geruime tyd daarna, wou hy by my weet, hoekom ek nie meer met hom baklei nie. Ek sê toe vir hom dat dit nie meer nodig is nie, want ek het hom tuin toe geneem. Dit het hom laat ontplof en hy het geskree: “Maar dit is erger!” Die tuin verlig al ons probleme. Dit is ‘n lekker manier om daarvan ontslae te raak, deur dit in die Vader se hart te plaas en dit daar te los.

Dan is daar diegene wat jy jare al voor bid, sonder sukses. Nou kan jy hulle na die tuin neem en daar doen met hulle soos die Heilige Gees jou sal lei.

Ek wil graag ‘n paar getuienisse met u deel. Ongelukkig is dit almal van finansiële aard. Maar dit was ons grootste behoefte op daardie tydstip.

Ons seun Aldo, was op daardie stadium oud genoeg om ‘n motor te kon besit. Dit sou vir ons almal, maar veral vir hom, ‘n groot verligting bring, want ons is ver van alles af. Ek het hom gevra van watter soort kar hy hou. Hy het natuurlik presies geweet wat hy wou hê. Ons het saam besluit

dat hy die Here moet vra, wat om te doen. Miskien moet ons vir hom een koop. ‘n Paar dae later sê hy dat hy voel, God sê dat hy vyf motorbande by ‘n plaaslike sendingstasie moet saai. Die man by die sendingstasie was in trane by ontvangs van die bande en het saamgestem dat hy verstaan die bande word gesaai vir ‘n motorkar. Hy het aan die hand gedoen, dat Aldo brosjures van die motorhandelaar kry en dit saam met die kwitansie van die bande, teen sy muur vasspyker. Hy het gesaai en hy sal maai.

Ons het met die tyd geleer dat ons ‘n paar keer per dag moet gaan kyk hoe dit met ons tuine gaan. Een oggend stuur ek vir Aldo om te gaan kyk na sy motor in die tuin. Toe hy terugkom, sê hy : “Die kar is daar, maar daar is ‘n stem wat hom gevra het, wat laat hom dink dat hy ‘n kar kan kry in ruil vir vyf bande?” Dit meen dat hy nie genoeg tyd in sy tuin deurgebring het nie. Sy droom is nog nie in sy gedagtes gegrondves nie en vrees het begin inkruip. Nou moes hy teruggaan en ons het die res van die oggend se werk verloor. ‘n Rukkie later het hy besluit om ons te verlaat en in die stad te gaan werk. Daar het hy so hard gewerk, dat hy nie tyd vir sy tuin gehad het nie. In die tyd het hy alles verloor wat hy gehad het en na sewe maande het hy besluit om na ons terug te keer. Hy sê: “Om alles te kroon het ek ook nie die kar gekry nie.” Toe kon ek vir hom sê: ”Dit is nie waar nie, jou kar is in die tuin. Ek het dit vanoggend daar gesien!”

Aangesien hy terug was, kon ons wegbreek vir ‘n vakansie by die see. ‘n Paar weke later het hy ons in trane gehad toe hy bel en sê dat ‘n man nou net sy kar vir hom gebring het.

As ‘n gesin, het ons altyd gedroom oor ‘n huisie by die see. Toe ek met die Here daaroor praat, het hy my daaraan herinner dat ons, ons vorige huis weggegee het. Ons het die ou huis toe tuin toe gebring en dit op die modderarea neergesit. Daar het ons staan en kyk hoe dit weg verrot in

die tuin in. Een oggend toe ek in die tuin kom, sien ek 'n ander huis staan op die modderarea. Dit was presies wat ons in gedagte gehad het. As ek op die stoep staan, dan het ek 'n pragtige see-uitsig. Daar is ook 'n groot boom en daar is altyd 'n sagte briesie. 'n Paar dinge het vinnig gebeur en toe omstandighede dit toelaat, het ons daarnatoe gery en die huis gaan koop.

Ek het ook 'n kar nodig gehad. God sê toe dat ek die ou motor na die tuin toe moet bring. God het hierdie kar aan ons op 'n wonderbaarlike manier gegee. Hy sê ek moet die kar nou gaan opknap en vir iemand besonders gee. Ek het vir die persoon gesê dat ek hierdie kar saai vir 'n nuwe een. Hy en my gesin het daaroor saamgestem. Ons het die kar na die tuin gebring en dit op die modderarea neergesit. Daar het dit stadig in die modder weggesak, in die tuin in. 'n Paar dae later het hierdie nuwe motor daaruit verskyn. Ek het met dankbaarheid en lof aan die Here, dit elke dag dopgehou, totdat ons genoeg geld gehad het om dorp toe te gaan en om die motor te gaan soek en dit te koop. Kontant!

Ek vra die Here omtrent geld. Is dit regtig so belangrik? Hy gee toe vir my die volgende skriftuur:

Pred 9:15: "En daarin is 'n arm wyse man gevind; dié het die stad deur sy wysheid gered, maar geen mens het aan daardie arm man gedink nie."

Mense luister nooit na 'n arm man nie. Bowenal is die tuin 'n plek waar ons aanbid en in dankbaarheid staan. Dit is ook 'n plek waar ons na mekaar omsien. Verskeie mense het my al gevra om hulle dop te hou as hulle opgaan na die hoë plek. Almal gaan die tuin veskillend binne. 'n Ware Christus-aanbidder gaan direk na die Here. Die laaste persoon wat my gevra het, was 'n dame. Die eerste oggend was sy op haar knieë, voor die Here, met lig wat oral skyn. Die volgende oggend het sy my tuin

besoek, waar die Here vir haar gesê het om geduldig te wees. Die oggend daarna, was sy ‘n arend. Sy sal nooit probleme hê nie. Vandag is sy gemaklik in haar teetuin waar sy mense help om na Jesus te gaan.

Deut 11:12: "...‘n land waar die HERE jou God voor sorg; die oë van die HERE jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar."

In Hooglied word die Bruid ‘n fontein van tuine en ‘n stroom van lewende water.

Jes 2:18: "En my volk sal woon in ‘n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus."

En snags wandel Hy deur die tuin en verlustig Hom in die blomme. Ons denke in die tuin skep ‘n energie wat Jesus aanraak. Hy sê in Jesaja dat Hy ‘n wingerd geplant het met heinings rondom. Wat kan Ek meer doen? Ek het ‘n goeie oes verwag en nou het Ek suur druiwe gekry. Daarom gaan Ek nou die heinings afbreek en dit sal nooit weer hier reën nie.

Die volgende is wat dit beteken: Met wat se gedagtes het jy laasnag bed toe gegaan? Was jy bekommerd oor jou kind; of miskien jou finansies? Ons gesels later meer oor hierdie onderwerp.

Matthèüs 13 leer ons dat ons grond met karakter nodig het. Sodat wanneer ons emosies beheer, ons nie weer af kyk uit die tuin uit nie en nie weer verval in ons ou denke nie, want dan sal ons net vrees en sy helpers sien.

In Johannes 17 sê Jesus, dat Hy vra dat ons nie uit die aarde verwyder moet word nie, maar dat die Vader ons in die wêreld moet hou. Psalm 110 sê dat jy soos ‘n sterk septer, deur die God van Sion, gegiet is, wat

nou regeer te midde van jou vyande. Onthou, die ander outjie (Satan), was ook in die tuin en hy het ook hierdie hoë leefwyse begeer en hy probeer nog voortdurend om ons te kry om af te kyk. As ons af kyk na ons probleme, dan saai ons die saad van bossies. Meeste van ons moet die dorings uit ons tuine verwyder, die land ploeg en met nuwe, goeie saad beplant en steeds ons tuin bewerk (Strong).

Maak seker dat jy jou rig tot Jesus, en as jy dit dalk mis, is dit nie die einde van die wêreld nie. Sê net: “Jammer Vader”, dan is jy terug. Want die genade van die bloed van Jesus is vir ewig daar.

“Dit is goed, kyk op na My. Ek is die Tuinier. Ek het My lewe gegee, sodat jy ‘n tuinbewoner mag wees.” Wees egter altyd versigtig om nie by God verby te storm om in die tuin te werk nie, dan is dit weer terug na die harde werk.

Sê byvoorbeeld jy het ‘n fisiese probleem met jou liggaam. Spandeer tyd by Jesus en laat Hy jou leer hoe om genesing te vind. Jy hoef nie meer na iemand anders te gaan nie, gaan na Hom toe. Ek glo die volgende skildery sal al die vrae wat jy dalk nog mag hê, uit die weg ruim.



Illustrasie 36

# DIE DEUR

## HOOFSTUK 6




(Illustrasie 36) Een oggend toe ons wakker word, was die tuin weg. Ons het vir weke by Jesus gewees voordat Hy ons, op ons flater gewys het. My fout was om hierdie skildery te maak sonder om te weet waarna Hy my wou lei. Eventueel, het hierdie skildery egter gelei tot die ontrafeling van een van die besbewaarde geheime van die eeue. Dit is, dat die wildernis-tabernakel 'n tipe van onsself is en dat ons God se tabernakel is.

Hierdie skildery lyk vreeslik besig, maar die meeste van die karakters hierin, is jy. Aan die bokant is Vader en Jesus. Fonteine vloei uit hulle uit. Aan hul linkerkant is twee gelukkige engele. Langs hulle is twee engele

wat ween. Net onder die huilende engele, is die hoof van God, vooroor gebuig, met die kruisiging op Hom en die karakter van Jesus word in hom weerspieël. Vader, ons bedank U vir die bloed van Jesus.


Illustrasie 36.1

As ons nou na die onderkant van die skildery kyk, is ons die Bruid. Ons is gekroon met heerlikheid (Illustrasie 36.1). Daar is die verbondsark in haar. Baie min mense weet dat daar ‘n kroon rondom die verbondsark was en net bokant die kroon was die sitplek van genade, die plek waarvandaan God met Sy mense gepraat het. Die Bruid in die skildery, dra ‘n kroon, wat ‘n sirkel, wat op sy sy lê, op het. Binne die sirkel is daar ‘n berg (illustrasie 36.2). As u terugkyk na die skildery van die voorhangsel, dan sal u die sirkel om die piek van die berg onthou. Onthou dat dit die hoogte van die bloedlyn verteenwoordig het. Hierdie sirkel is dieselfde as die een wat die bruid op haar kroon het. Binne die sirkel is die berg. Hierdie prentjie sal u moontlik herinner aan die simbool van ‘n sekere televisie-netwerk.


Illustrasie 36.2

(Illustrasie 36.3). Die Bruid is besig om na die Kruisiging te kyk. Maar eers, reg langs haar is sulke rooierige wolke. Dit is waar ons, ons krygstuig aantrek en die karakter van Jesus mediteer. Die vier Evangelies verkondig dit aanmekaar. Jy moet oor die volgende drie punte mediteer:


Illustrasie 36.3

1). Nie my wil nie, maar U wil sal geskied.

2). Vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

3). Ek kom om te dien en nie om bedien te word nie.

(Illustrasie 36.4). Ek was eendag besig om 'n wonderlike, intieme tydjie saam met God deur te bring, ek was binne-in Hom. Ek vra hom toe, hoe Sy hart lyk? Ek was in 'n reuse marmer-kleurige wolk, iets soos 'n reuse koepel. Die volgende oomblik hoor ek die knal van die 'Passion'-rolprent se sweep. Dit was asof die sweep die hemel van die koepel oopkloof. Oral het bloed uitgevloei. Eventueel het die hele plek tekens van die Kruisiging getoon. Alles was met bloed besmeer en vol pyn. Dit is hoe Vader se hart lyk.



Illustrasie 36.4

Daarop vra ek Hom, hoe lyk my hart? Hy wys my toe 'n tempel met die Verbondsark daarin en Jesus wat daaroor staan. Wel, Hy kyk altyd die toekoms in.



Illustrasie 36.5

## DIE OPWAS

(Illustrasie 36.5). Na ons tyd spandeer het by die Kruis, gaan ons nou aanbeweeg na die opwasplek. Dit is reg onder die regterkant van Jesus, daar waar Hy deur die spies deurboor is. Hy roep ons, kom na My toe, almal wat swaar belas is, almal wat honger en dors is.

Ons probleem is ons gedagtes (minds). As ons maar net een dag sonder konflik van gedagtes kan deurbring, sal dit die kroon span. Stel jou voor

dat jy net een dag met 'n suiwer Jesus-'mind' kan beleef. Ek spandeer baie tyd alleen en ek weet hoe die gesprekke in ons gedagtes verloop. Hy het dit gesê en ek moes dat gesê het. Ons het die geleentheid om ons hier te reinig, skoon te was en ons gedagtes vir ons Hoë Priester te gee.

Heb 10:22: "...laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling, gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met suiwer water."

Ek het hier by die wasplek besig gewees om my te reinig, toe ek hoor dat die Evangelie regdeur die wêreld verkondig word, maar dat die Evangelie van die Koninkryk van God, nie eers aan een nasie verkondig is nie. Dit was vir my verskriklik. Ek het op my knieë geval en onder Sy waterval ingekruip. Daar sien ek die baie groot poele water vir my om in te was. Daar was onbeskryflike mooi watervalle en die water wat vanaf 'n groot hoogte op my neergestort het, het so hard op my kop geval, asof dit my hoof wou binnedring. Jesus was daar en Hy het my help was. Skoon was is baie belangrik, want ons gedagtes is vol van gister. Dit is hoekom ons die gedagtes van Christus nodig het. Hy moet eers ons gedagtes skoon was van al ons ou denke, dan besprinkel Hy ons nuwe gedagtes met Sy bloed en dan gee Hy ons 'n helm van saligheid. Hy was ons skoon met Sy bloed en dan kroon Hy ons in glorie, maak ons Konings.

Kan u sien wat besig is om te gebeur? Hy klee ons in Regverdigheid. Ons klere is spierwit en Hy salf ons hoofde met olie.

Ek het voorheen al weke in die wasplek deurgebring. As ek skoon en uitgerus is, bring ek ook my kinders hierheen. Ek skrop hulle behoorlik, ons gebruik selfs daardie hoëdruk tuinslange op mekaar. As daar mense is wat vir jou 'n probleem is, bring hulle hierheen. Dit sal jou gedagtes

skoonmaak. Bring al jou geliefdes hierheen en kyk hoe hulle afkoel en hulself geniet.

## DANKBAARHEID EN LOFPRYSING

Die eerste ding wat jy nou moet doen is om dankie te sê. ‘n Mens kan sommer sien as iemand dit regtig bedoel as hy dankie sê. As jy opreg bedank word, doen dit iets aan jou. Dit is wat jy nou spontaan moet doen. Dankie Jesus! Dankie vir Jesus! Dankie dat U vir ons gesterf het. Dankie vir kos, beskerming ens. Terwyl jy ‘n lied van danksegging vir Hom sing, sal jy jouself in Sy teenwoordigheid bevind. Hier kan jy die gesig van God sien.

Ps 17:15: “Maar ek sal u aangesig in geregtigheid aanskou; ek sal versadig word met u beeld as ek wakker word.”


Dit is wat Dawid gesê het, kort voor sy eerste deurbraak. Op ‘n dag het Jesus my na die Vader gebring. Ek het knus in die krulle van Sy baard gelê. Saam het ons na Jesus gekyk wat in die tuin gewandel het. Hy was altyd besig om iemand te troos of om iemand te help.

Vader sê toe: ”Hoe lyk Jesus vir jou?”. “Vol van goedentierenheid en barmhartigheid,” het ek geantwoord. Hy sê: “Dit is hoe Ek wil hê jy moet lyk as jy van jou knieë af opkom.” Gedurende die ‘dankie-sê’-tye, is jy gewoonlik op jou strand of waar ookal jou Tuinier jou lei.

Wanneer jy gedurende hierdie tye in tale praat en sing, dan loof jy Hom regtig goed. Tale is vir die stigting van die geestesmens (1 Kor 14:4). Hy wat in ‘n taal spreek, stig homself. Die geestesmens of “Spiritual man” is

die een wat deel het aan die tuinlewe. Die woord 'stig' beteken, dat ek na openbaring met outoriteit kan optree wat ek andersins, nie sou gehad het nie. Daar is tye wat jy nie weet wat om te bid of om in sekere situasies te doen nie. Tye wanneer 'n mens ongemaklik voel in die gees. In dié tye sonder ek myself af en bly in my taal totdat openbaring gekom het. Byvoorbeeld dieselfde skilderye wat in die boek is, het ek nie vooraf in detail gekry nie, maar was onrustig in my gees oor die verskillende Bybelse insigte wat ek nog nie verstaan het nie. Ek was bekommerd dat ek mense verkeerd sou leer en argumente sou uitlok. So het dit gekom dat ek alleen, die bakkie van Aldo bestuur het van die see af terug huis toe. Gedurende, die omtrent agt ure, was ek in my taal. Toe ek by die huis kom het ek presies geweet wat die vorm van die skilderye was. Ek het steeds geen detail gehad nie,maar my geestesmens was gestig en ek het vrymoedigheid gehad, om die eerste skilderye met geloof aan te pak. Elkeen van die skilderye was onderwerpe wat ek glad nie verstaan het nie, maar later jare het ons die skilderye beter verstaan. Ons word daagliks oortuig, soos ons werk met die skilderye, dat dit deur die Heilige Gees geskilder is. In my eie geval het ek baie lank gewag vir tale en was deur 'n goeie vriend vertel van 'n man van God, saam met wie hy op 'n uitstappie was in die berge, toe dit begin reën het. Die man het vir die Here gevra dat hulle nie sou nat reën nie, omdat dit besonder koud was. Die twee het op 'n rots gaan sit, terwyl nie 'n druppel reën op hul geval het nie. Die man het 'n geweldige gebedskrag gehad, maar het geen taal gehad nie. Nadat ek lang jare gewag het, het ek een more wakker geword met iemand wat in my gedagtes praat, in 'n taal wat ek nie verstaan het nie. Maar as ek wou praat, kon ek die taal praat wat in my geborrel het. So nie, kon ek dit aan die gang sit in my, en gewoonlik kort daarna insigte ontvang uit die geestesrealm. Paulus waarsku en sê, dat dit kan lei tot onstigtelikheid in die kerk. Maar hy sê, hy praat en sing meer in tale as

enigeen van hulle. Waar ek baie ure op my eie spandeer met kunswerke, gebruik ek die taal, wanneer argumente of ongemaklikhede in my gees voorkom, verkry ek die oplossing op dié manier. Toe ons die vorige keer van die see afgery het, was daar weer 'n gebedsvrag op my. Ek het in my gedagtewêreld in die Taal gebly, vir seker 'n twee of drie ure, terwyl Yvonne bestuur het. En toe kry ek 'n boodskap om oor te dra aan een van die boere in die vallei by ons, aangaande iets wat hy oor gebid het en ek geen kennis van gehad het nie. Ook het ek weer gesien hoe my eie gesin in die geesteswêreld lyk en kon ek so vermanings en berusting bring, want ons weet ook vir seker dat dit van die Here is. 'n Mens is nie altyd ingestel daarvoor nie, maar ek glo nie, dat mens tale moet hê om openbarings te hoef ontvang nie. Tale is nie om mee te spog met jou geestelikheid nie, maar om hemelse dinge aarde toe te bring. Persoonlik was ek al in 'n erediens waar iemand hardop, na lofprysing, in 'n taal gepraat het. Daarna het 'n ander persoon die uitleg ontvang en gegee, en dit was 'n dringende oplossing van iemand se probleem. Maar u kan sien dat daar ook misbruik van gemaak kan word, deur diegene wat geestelik wil voorkom, of dalk dink dat hul goed doen. Op hierdie manier is daar ook al baie skade aan die bediening, deur profesieë, by die skoen gedoen. Geen wonder dat die meeste mense dit wil vermy nie en dat die Here dit vir my gegee het nadat ek meer volwasse was in die gees.



Illustrasie 36.6

## DIE BERG

(Illustrasie 36.6) op die vorige bladsy. Die berg is

die probleem. Ons het by wyse van ooreenkoms besluit wat die berg is. Ons sê mos altyd, die probleem staan soos 'n berg voor jou. Nou bring ons dit na die tuin en plaas dit onder die groot waterval en spreek:

Sag 4:7: "Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom!"

Vader, ons het self probeer om die probleem op te los, maar nou bring ons dit na U toe. Die kuns is egter om dit daar te los en nie weer terug te neem nie. Dit is presies wat ons in die verlede gedoen het. Ons kan andere maar net help deur ons getuienisse.



Illustrasie 36.7

Openb. 12:11: "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis,..."

Ek het al probleme na die tuin toe gebring, wat baie lank geneem het om opgelos te word. Een oggend vra ek God daaroor. Ek sê: "U weet Vader dat dit al langer as 'n jaar is wat ek hierdie berg na U toe gebring het. Ek sal dit werklik waardeer as iets in die fisiese wêreld nou kan gebeur." God het gestap tot by die berg en dit 'n geweldige skop gegee. Die yslike berg het in duisende stukkies gespat. Ek het al die stukkies bymekaar gevee en dit in die vullisgat gaan gooi waar dit verbrand is. 'n Week later het dinge begin gebeur. Ons was verbaas om te sien hoe Hy die gebeure beplan het, wat gelei het tot 'n vreedsame oplossing

van die probleem. Hy is so gaaf en 'n ware Heer.



Illustrasie 36.8

As jy sorgvuldig kyk, sal jy sien hoe die berg weggewas word en in die Bruid se tempel inval (Illustrasie 36.7). Die berg het nou 'n deksteen vir die tempel geword. Dit beteken dit is die berge in ons lewens wat die tempels in ons bou. Dié plek wat God verkies om in te woon.

## DIE HARTDEUR



Illustrasie 36.9

(Illustrasie 36.8). Net bokant die berg, sit 'n persoon op 'n bankie, by die deur wat na Jesus se hart lei. Hy is besig om te profeteer oor die berg, net soos Esègiël oor die dooie bene geprofeteer het. Hy is besig om lewe in die probleem te praat. Ons bespreek nooit die berg buite die tuin nie,maar hanteer dit binne die tuin. Doen met dit wat jy gelei word om te doen. Blaas dit op met jou bazooka, doen enigiets daarmee, solank jy dit net nie in jou opkrop nie. Los dit in die hart van die Vader.



Illustrasie 36.10

Soms kom Jesus af en wandel saam met jou in jou tuin. Dan leer Hy jou persoonlike dinge. Meeste van die tyd, sal jy dit weet, want dan is jou tuin gevul met vrede. As jy so gelei voel, kan jy in Vader se hart gaan sit, Hom 'n drukkie gee en net sommer by Hom wees. Dit is al wat Hy van jou vra, jou geselskap en jou gemeenskap met Hom. As Hy jou só lei, dan kan jy by die deur in Vader se hart ingaan. Daar is 'n groot fontein met goue salwings-olie en groot afmetings in die geestelike wêreld.

(Illustrasie 36.9). Aan die onderkant sit daar 'n vrou onder die water, met 'n tweede persoon wat nog water op haar gooi. As ek sien dat iemand baie moeg is, koel ek hulle op hierdie wyse af.

(Illustrasie 36.10). As jy nou verder beweeg, dan sal die persoon ontmoet wat af kyk. Hy is siek, en het siek geword deur af te kyk. Dit gaan nog erger word. Hier kan jy hom leer om op te kyk. Kyk op na Jesus, dit is hoe jy genees kan word. Jy mag dalk iemand anders ken wat jy op so 'n spesiale wyse wil doop, wil salf of bedien, dit is die plek.

**BEGRAWE DIE PROBLEEM**



Illustrasie 36.11

(Illustrasie 36.11). Bo in die regter hoek is daar 'n plekkie met heerlike sagte grond. Dit is Jesus se Hartsgrond. Jy ken dalk iemand of het dalk 'n probleem wat jy wil begrawe, hier is die plek daarvoor. Sit die probleem of die persoon in die grond, maak seker dat daar baie water is en los dit vir Hom. Nou mag jy nie weer die persoon of probleem met enige mense bespreek nie.

**DIE MASKER**



Illustrasie 36.12

(Illustrasie 36.12). Nog 'n entjie verder, die masker is nou afgeruk en in die vuur gegooi. God haat die maskers wat ons in verskillende geselskappe opsit en dra. Hy wil hê dat ons altyd dieselfde moet wees en altyd beskikbaar moet wees.

Jes 57:15: "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."

Onthou een ding, TROTS is 'n vyand en as hy jou hier kry, is dit terug na die voet van die berg.

## LEES VAN DIE WOORD

Die rede hoekom ons nie skriftuur kan onthou nie, is omdat ons dit nie in die tuin lees nie. Die Bybel word in die tuin deur die Heilige Gees verduidelik. As ons dit daar onder, (onder die lyn) lees, word dit 'n geskiedenis boek. As ons dit egter hier bo, in hierdie hoogtes lees, dan word dit aan ons gees openbaar (Illustrasie 36.13).



Illustrasie 36.13

Hooglied eindig met: "O Bruid van die tuin, laat my jou stem hoor."

Die boek, Hooglied van Salamo handel oor die bruid in die tuin en Spreuke 31 se vrou wys jou hoe sy in die tuin werk.

Ps 132:13 ; (132:14): "Want die HERE het Sion uitgekies, Hy het dit as woonplek vir Hom begeer en gesê: "Dit is my rusplek vir ewig; hier wil Ek woon, want Ek het dit begeer."



# OGGENDSON

Matt 24:27: "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."



Illustrasie 37

Matt 13:43: "Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

Die volgende skildery (Illustrasie 37), het ek sommer haastig gemaak, net om die hoogte van die bruid in die tuin aan te dui. Maar God het 'n verrassing vir my in gedagte gehad!

Die bruid is gekroon en sit en kyk na Oggendson (Jesus, links). Die resultaat van die kennis van  God se heerlikheid vloei uit haar uit en vul die aarde (die goue riviere). Sy het net nodig om Jesus dop te hou, dan werp die berg (probleem) homself in die see. (Berg regs). Die Engele hanteer die probleem verder.

God sê toe vir my, ek moet kyk hoe dit onder die 'lyn' lyk. Ek het nogal 'n voorgevoel gehad, dat ek nie sou hou van wat daar is nie en ek wou aanvanklik nie kyk nie. Ek het eventueel gekyk en was baie hartseer om die kerk daar te vind.

Gelukkig het God my jammer gekry en vir my die volgende skildery gegee. Maar eers 'n kort storie.

# ‘N KORT STORIE

## HOOFSTUK 7

Ek het ‘n droom gehad. Ek droom ons, die kinders van God het teen ‘n steil, droë heuwel uitgeklim, terwyl ons geswoeg het met ons swaar bagasie. Ons was moeg en het ‘n plekkie gesoek om te rus. Toe ons die kruin van die heuwel bereik, het daar ‘n ou trein by ‘n stasietjie gestaan. Beide baie verwaarloos. Ons het daar besluit om dit skoon te maak en die nag daar deur te bring, want ons het gemeen, as die wetlike eienaars dalk terugkeer, het ons darem skoongemaak en so ons verblyf verdien.

Alles was vol spinnerakke en vuil. Ons het egter met energie weggeval, die vrouens het binne die kompartemente skoongemaak, terwyl die mans buite getakel het. Toe besluit ons om ‘n wiel af te haal sodat ons kan sien in watter toestand die trein meganies is. Met die wiel af, was ons stomgeslaan met die ingenieurskap wat daar gebruik is. Dit was ‘n wiel, binne ‘n wiel. Silwerskoon en ‘n mens kon sien dat dit nooit sal kan uitwerk nie. Nie ‘n teken van enige slytasie nie. Nou het ons met nuwe oë na die trein gekyk. By nadere ondersoek, kon ons ook nou sien dat die goud plek, plek onder die vuilheid deurslaan. Dit het ons aangespoor om die lokomotief te ondersoek. Tot ons verbasing was daar geen enjin of enige hefbome wat normaalweg daar te wagte sou wees nie.

Stadig het dit tot ons deurgedring dat hierdie trein deur die gedagtes aangedryf word. Ons almal kon masjinis wees. Dit is ook wat ons gedoen het. Elkeen het ‘n beurt gekry om die trein te bestuur, terwyl die ander toegekyk het.

Ons het ongelooflike ongelukke met die trein gemaak. Aan die einde van die spoor was daar ‘n groot stopblok. Dit het ons so hard gestamp dat dit uit die grond geruk is. Maar elke keer het die trein homself reggemaak! Ons het mekaar op die skouer geklop, want met elke ongeluk het die trein net blinker en beter geword. Totdat ons die stadium bereik het waar ons al so vaardig was met die bestuur van die trein, dat ons almal ingespring het en daar trek ons die lang heuwel af, in die oggendson in met die goue trein. Ons het naderhand ‘n pragtige hoë vallei genader en ons kon op die horison sien dat daar ‘n groot opgewondenheid is. Dit het gelyk asof die opkomende son op die randjie van ‘n ontploffing is. Soos ons naderkom, kon ons die Troon van Glorie, binne hierdie lig sien, met duisende en duisende Engele wat saam met die wolke juig. My moeder is ‘n aantal jare gelede oorlede, maar sy was daar saam met hulle, pragtige mense, uitgedos in spierwit klere.

Toe ons daar instoom, met ons pragtige goue trein, het ons in ons gedagtes die fluit geblaas.

In die begin het bostaande droom vir my hoegenaamd, geen sin gemaak nie. Gedurende die tyd het God besluit Hy stuur vir my mense om van die Tuin te kom leer. Hulle was spesiaal deur God gekies en was baie honger vir die Waarheid. Saam het ons begin leer van die tuin en almal van ons het skrikwekkende ‘trein’-ongelukke gemaak. Onsself inkluis. Dit is die ou, ou storie. Daar het ‘n man en sy vrou, saam met hul Here God, in ‘n tuin gebly. Toe kom daar ‘n slang in die tuin en hulle kyk af na die slang en nie na hul Here God nie.

Adam behou jou tuin! Adam kan jy jou ‘mind’ behou?

Natuurlik kon hulle nie. Ons kan ook nie. Maar ons leer. Ons gaan in die kompartemente in en maak ons gedagtes skoon met die bloed van Jesus,

terwyl ons leer om op te kyk en altyd direk vorentoe te gaan soos Esègiël se wiel binne ‘n wiel vir ons voorskryf om te doen. Ons maak die treinongelukke, sodat ons, ons geliefdes daardie pyn kan spaar en sodat ons kompartemente van binne en buite met goud beslaan kan wees.

Om die tuin te behou, is ‘n voltydse werk. Maar eintlik is dit maklik as ons by God is en altyd beskikbaar is. Maar die slang kom in verskillende vorms, gewoonlik in ‘n vorm van iets wat jy wil hê, maar nog nie reg is daarvoor nie. Dit sal dit self, altyd as dringend voordoen. Ons sal ons tuin verloor want ons is so besig met ons eie lewens dat ons nie genoeg tyd daaraan afstaan nie.

Openb. 13:1: “En ek het ‘n dier uit die see sien opkom…”

Openb. 13:2: “En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.”

Die Dier kom op die see in talle vorms, maar is aan die einde van die dag, nog steeds maar die Slang.



Illustrasie 38

# DIE KERK

## HOOFSTUK 8

(Illustrasie 38). Om die kerk onder die lyn te sien, was vir my 'n groot probleem en 'n skok. Maar saam met hierdie skildery kom daar 'n boek, met die titel van 'Whose Right is It?', geskryf deur Dr. Kelly Varner. Dr. Varner is 'n man wat hoog gaan en uit daardie hoogte skryf hy onder die leiding van Die Heilige Gees.

Hierdie skildery behels baie skriftuur. Wees asb. geduldig, gaan stadig en aan die hand van u eie Bybel, lees die skriftuur met ootmoed en gebedvol.

## <u>JERUSALEM DAARBO</u>

Gal 4:23: "Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte."




*Hier praat hy van Isak en Ismael*.

Gal 4:24: "Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar." Dit is Hagar; *Hagar is die slavin van Rebekka, die vrou van Abraham*.

Gal 4:25: "...want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny."

*Hier praat hy van die fisiese Jerusalem wat jy op die skildery, aan die onderkant van die Berg sal vind.*

Gal 4:26: "Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal."

*Dit is waar die Skoen staan, die Jerusalem daarbo*.

Alles op aarde het 'n hemelse eweknie. Kyk wat sê Jamieson, Fauccet en Brown se kommentaar van bostaande teksvers: "As ons, ons eiendom met olie salf, dan is ons eiendom hoog. Daar is 'n muur van vuur rondom ons."

Ps 30:7: "HERE, U het my berg deur u welbehae sterk laat staan."

*Hier is bonatuurlike beskerming want die Engele waak hier.*

Hoogl 1:4: "Trek my agter u aan, laat ons gou maak! Die koning het my in sy binnekamers gebring…"

*As jy hier ingaan, los jy die wêreld agter*.

Esè 34:14: "Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, …"

Matt 24:37: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees."

*Dit beteken dat Noag, in sy ark, opgelig en weggeneem is van die aardse probleme. Dan kom die ark te ruste op 'n berg, net soos ons rus vind as ons binnegaan*.

Ons is die vensters en die sluise van die hemel. Dieselfde vloed wat die bose uitgewis het, het Noag opgelig om die aarde te beërwe. Noag het 'n duif gestuur en dié het teruggekom, na die veiligheid van die ark, met 'n olyftakkie in sy bek.

Hoogl 1:15: "Hoe mooi is u tog, my vriendin! Hoe mooi is u tog, u oë is soos duiwe!" (Die Heilige Gees).

Ef 2:19: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,..."

Die woord 'Sion' beteken 'opvallende, sonnige Berg'. Ps. 22:1: "Hert van die dageraad" (Job 11:16; 2 Pet 1:19; Gen 1:4). Ons is nou bergpiek-bewoners. Ons is die eerste vrugte maatskappy, al die pad in vennootskap met Jesus. Jesus is die Eerste vrug van al dié wat geslaap het. Hooglied 8 sê die dame van die tuin praat sag met hulle wat slaap. Ons hoef nie op die straathoeke te staan en skree nie, mense sal wonder wat aangaan. Jesus is hoog en Sy bloed maak ons hoog.

## DIE SKEDEL

(Illustrasie 38.1). Waar daar eers 'n Gèrub die Oostekant van die tuin bewaak het, is daar nou 'n kruis en 'n Engel wat wys na die Skedel, die 'mind' van die mens.

Jes 43:20: "….want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink."



Illustrasie 38.1

(Illustrasie 38.2). Ek plaas die Skoen hier bokant die lyn vanwaar die water die wildernis invloei. Dit is om u 'n aanduiding te gee waar u en u gesin geestelik lewe. Langs die skoen is daar 'n bankie en 'n tafel.



Illustrasie 38.2

Jes 36:16: "…en eet elkeen van sy wingerdstok en elkeen van sy vyeboom en drink elkeen die water van sy put,..."

Joël 3:17: "Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie."

Joël 3:18: "En op dié dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk en al die spruitjies van Juda stroom van water; en uit die huis van die HERE sal daar 'n fontein uitkom om die dal Sittim te besproei."

Sittem: 'n Groot sterk nasie. Mense wat hoog gelewe het en net na Jesus opgekyk het.

Joël 2:2: "...'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke (h*eidense en vyandige*) en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie."

Joël 2:3: "Voor hom uit verteer 'n vuur, en agter hom brand 'n vlam; voor hom lyk die land soos die tuin van Eden, en agter hom is dit 'n woeste

Wildernis; ook kan niks daaraan ontkom nie."

Wanneer daar ‘n groot duisternis oor die oggend (Jesus) kom, sal Hy oor die Berg ontplooi. ‘n Vuur sal voor Hom uitgaan en ‘n vlam van agter en voor Hom sal die land soos die tuin van Eden wees. Hierdie is ‘n verwysing na die wyse waarop Israel deur die wildernis, uit Egipte gelei is.

Jes 51:3: “Want die HERE vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die HERE;”

Esè 36:35: “En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.”

Onthou die woord ‘Tuin’ meen omhein. Wanneer ons in gemeenskap met God verkeer, is ons omhein.

Joël 2:2: “...‘n dag van duisternis en donkerheid, ‘n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom ‘n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie.”

En God het ‘n tuin aan die Ooste aangelê en die mens daarin geplaas. Eden is die Paradys en ook die derde Hemel.

2 Kor 12:2: “Ek weet van ‘n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.” (Die mees Heiligste plek is aan Hom, wat oorwin het, belowe. Dit is die woning van God).

Eden beteken: Plesier; luuksheid; sierlik; verruklik en fynheid. Eden is die huis van plesier (Strong 5731). Eden is die Koninkryk van God, die oorspronklike droom van Die Vader.

Jes 12:3: "En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil."

Jes 41:18: "Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn 'n waterplas maak en die dor land waterbronne."

Jes 4:5: "Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees."


Illustrasie 38.3

(Illustrasie 38.3). Die gelaaide kamele toon aan ons die wyse wat Hy vir Sy Bruid sorg. Die hele Bybel is vol van hierdie Tuin in ons gedagtes.

(Illustrasie 38.4). Onder, aan die voet van die berg in hierdie dor, droë woesteny, is die enigste groen ding, die sprinkaan. Die kerk is ook hier met sy toring, die simbool van die wêreld-sisteem of van finansies. Dit is die kerk wat die Vrymesselaars toestemming gegee het om banke te begin en geld aan mense te leen. In die agtergrond is die benede-Jerusalem.


Illustrasie 38.4

**Toring**: Hulle wou 'n toring bou wat tot in die hemel strek. Ons is egter alreeds in die Hemel (Efè 2:4). Die groot hoer is Babilon. Dit verteenwoordig die godsdienstige stelsel. Openbaring 12:18, praat ook van die vreemde vrou.

Joël 1:4: "Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger

verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind."

Sprinkane vermom as Fariseërs en Suddaseërs, het Sion aangeval met valse beelde en idees. Hul vleeslike denke. Hulle is geestelike dronkaards, dronk van die wyn van hul owerspelige geloof. Daaronder is die kerk.

Die kerk is 'n kamp in die wildernis. Die kerk is in die buitehof. Hulle is dromers van die hemel. Hooglied 8 se Bruid is aangesê om saggies te praat met diegene wat slaap. Die kerk is meestal aan die slaap - nog nie geestelik wakker gemaak nie.

Hab 3:13: "U trek uit tot redding van u volk, tot redding van u Gesalfde. U verbrysel die kop van die huis van die goddelose en ontbloot die fondament tot by die nek. Sela"

Hab 3:13: "You went forth and have come for the salvation of Your people, for the deliverance and victory of Your anointed [*people Israel*]; You smote the head of the house of the wicked, laying bare the foundation even to the neck. Selah" [*pause, and calmly think of that*]!

Die 'huis van die goddelose' = sprinkane. Die Noordelike weermag van sprinkane. (Geestelike tradisies). Noord is donker 'mind'.

Matt 13:43: "Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader."

Die swerms sprinkane verteenwoordig die talle denominasies en tradisies. Hulle word gesimboliseer deur die Vyeboom (wette). Judaïsme, die

Jodedom sal nooit weer 'n Lig wees nie. Die son en die maan is donker, dit beteken die wet was die lig, maar is nou vervang met 'n beter verbond.



Illustrasie 38.5

(Illustrasie 38.5). Die grot in die berg is die charismatiese beweging. Ons het nou die 'bly vir kerk op Sondae'-dimensie agtergelos en aanbeweeg na 'n kerk waar daar in tale gepraat word en ons gevul word met die krag van die Gees. (Ons het aanbeweeg na die Heilige Plek). Maar die Charismatiese- en Pinkster Kerk het steeds nagmerries oor die Duiwel en die Antichris, die beproewings en die agtergeblewe lerings.

Volgens Jesus is dit die regverdiges wat agtergelaat word en die boses wat in die oordeel weggevoer word (soos Noag). Matt 24:37-44. Die grot is 'n Elìa-grot. Baie mense sê hierdie is die dae van Elìa. In sommige opsigte is dit so, want die profeet het oor groot kragte en wonderwerke beskik en het gevlug en in 'n grot gaan wegkruip, waar God met wind en vuur, hom ontmoet het en in 'n stil, rustige stem, vir hom gevra het wat hy daar doen. Ons het ook op hierdie hoogte, die kragte betree, maar ons kamp net hier uit en dink dit is die Hemel. God roep ons egter steeds hoër.

Joël 2:25: "En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het—my groot leërmag wat Ek teen julle gestuur het."

Dit is die belofte aan diegene wat hoog gaan en die Heiligste van Heiliges binnegaan.

## **DIE TUIN**

Die tuin is die Heiligste van Heiliges. (Fees van Tabernakels). Dit is hier waar jy die stem hoor en opdragte ontvang.


## DIE SOLDATE



Illustrasie 38.6

(Illustrasie 38.6). In Hooglied 1: 5 en 6 sê die bruid haar gesig is bruin (die Engels sê swart). Dit is so donker omdat sy af gekyk het. Sy voer aan dit is omdat sy in haar broer se wingerd gewerk het. Ons, die kerk, oordeel en beskinder mekaar. Ons is die grap van die wêreld. Hierdie erkentenis van haar donkerheid, laat Hom haar die 'Skoonste' noem. Sy is onmiddellik vergewe.

(Illustrasie 38.7). Om u te herinner, die kerk is die eerste hemel (A). Die grot in die berg is die Charismatiese- en Pinkster kerke (B), tweede hemel-stadium. Op die piek van die berg is die derde hemel (C).




Illustrasie 38.7

Ek is seker dat u in die teenwoordigheid van God gewees het, daar is soveel lig dat 'n mens nie kan sien nie. Paulus was besig om jag te maak op Christene, toe God hom direk in die derde hemel geneem het. Nou kan u dink, as dit vir ons, wat deur die kerksisteme kom, so lig is, hoe dit vir Paulus moes wees. Geen wonder dat hy fisies blind was na die ondervinding nie.

Die idee is dat ons opgroei uit die kerksisteme, in Hemelse plekke in. Moet u nie meer oor die kerk bekommer nie. Ons het so groot geword en so is almal wat nog daarin is. Hulle glo in die Nagmaal en gebruik dit nog,

hulle is die 'buitehof'. Dit sal met hulle goed gaan, want dit is die Christusgees wat hulle hoër roep. Soos ons die berg hoër klim, word God se meestersplan openbaar. Hy is altyd daar.

Hoogl 8:14: "Vlug, my beminde, en maak soos die gemsbok of die jong takbok op die balsemberge..."

Son 8:14: "[Joyfully the radiant bride turned to him, the one altogether lovely, the chief among ten thousand to her soul, and with unconcealed eagerness to begin her life of sweet companionship with him, she answered] Make haste, my beloved, and come quickly, like a gazelle or a young hart [and take me to our waiting home] upon the mountains of spices!"

Hoogl 4:16: "Word wakker, noordewind, en kom, suidewind, deurwaai my tuin, laat sy balsemgeure uitvloei!"

Hoogl 8:13: "U wat in die tuine woon vriende luister na u stem; laat my dit hoor." Vergelyk ook Spr 31:26: "Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong."

Wees egter versigtig, moenie so Hemels ge-oriënteerd raak, dat jy op aarde niks beteken nie.



# ‘N KOEL PLEK

## HOOFSTUK 9


Illustrasie 39

(Illustrasie 39). Om in ‘n koel plek te wees is om vry te wees van alle aardse probleme. Om hier te kan wees, moet jy in staat wees om jouself, geheel en al oor te gee. Hierdie is die groot vloer wat Johannes in Openbaring gesien het. Die see van emosies het kalmeer.

Die siel is ‘n skepsel wat asemhaal. Hy het asem in Adam ingeblaas. Ons is die asem van God en Hy is die lug wat ons asemhaal. Hy het saam met Adam en Eva in die koel tyd van die dag gewandel.

In hierdie plek het ek ware gelowiges gekry. Benny Hinn was een van hulle. Wanneer hy sy hande na bo gestrek het, het dinge daarbo, stadig begin beweeg en genesing het oor duisende mense gekom.

Alhoewel Benny Hinn nie geweet het om in hierdie plek te kom nie, het God hom ingelaat en die krag van genesing in hom geplaas om die mense Sy krag in Sy mense ten toon te stel. As jy lank genoeg hier kan bly, sal die vyand mekaar uitwis. Net soos dit gebeur het met Jósafat se gebede.

2 Kor 5:6: “Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.”

Hierdie is ook die plek waarvandaan ons regeer. Om te regeer vanaf die troon, is om met gesag te kan praat en saam met Jesus in hemelse plekke te sit.

Hoogl 1:3: “U salf is aangenaam van geur, u naam is soos salf wat uitgegiet is; daarom het die jonkvroue u lief.”

Dit is hierbo waar liefde verduidelik word. Die geur van sy salf, die goedertierendheid wat hom as hoëpriester en salwer, omhul. Maria het die kassie met die salf gebreek. Dit simboliseer die breek van Sy liggaam, en uit kom die heerlikste geure.

Hoogl 1:12: “So lank as die koning aan sy tafel was, het my nardus sy geur gegee.”

Hoogl 1:13: “My beminde is vir my ‘n bossie mirre wat tussen my borste rus.”

Dit is in haar hart waar sy die kruisiging ervaar.

Efê 3:17 en Jer 4:14 sê: Sodat God kan woon in ons harte.

Ps 119:147: “Voor die môreskemering roep ek om hulp; op u woord wag ek.”

Hoogl 2:13: “Die vyeboom laat sy voorvye uitswel, en die wingerdstokke wat bloei, versprei geur. Staan op, my vriendin, my skone, kom dan tog!”

Staan op my geliefde, kom dan tog. Hy wil ons by Hom hê wanneer die son opkom, wanneer die dou nog op die jong druiwe is. (*Die blomme van die druif is so welriekend, dat dit soms in die nuwe wyn gesit is vir geur).*

Hoogl 4:10: “Hoe skoon is u liefde, my susterbruid, hoeveel beter is u liefde as wyn en die geur van u salf as al die speserye!” (*Die liefde vir sy geure is beter as die wyn*).

Hoogl 7:8: “Ek het gedink: Laat ek op die dadelpalm klim, laat ek sy trosse gryp; en laat u borste tog wees soos trosse van die wingerdstok, en die geur van u asem soos dié van appels,...”

*Die Asem van die Heilige Gees is in haar neus geblaas deur Hom wie se mond die soetste is.*

Hoogl 5:16: “Sy verhemelte is pure soetigheid, ja, hy is geheel en al die lieflikheid self. Dit is my beminde en dit is my vriend, dogters van Jerusalem.”

*Hy is die Woord. Hy is die lug wat ons asemhaal.*

Deut 32:2: "Laat my leer drup soos die reën, my woord vloei soos die dou, soos reëndruppels op die grasspruitjies en soos reënbuie op die plante."

*(As ons rus in God, kan Hy waarlik in ons harte praat). As ons lank genoeg hier bly, sal al ons geestessintuie ontwikkel.*

Hoogl 1:4: "Trek my agter u aan, laat ons gou maak! Die koning het my in sy binnekamers gebring. Ons wil juig en ons in u verheug, ons wil u liefde prys meer as wyn. Met reg het hulle u lief."

*Hy is baie minsaam en sagsinnig en sal Homself nooit op jou afdwing nie.*

Hoogl 2:3: "Soos 'n appelboom onder die bome van die bos, so is my beminde onder die seuns. Ek het verlang om in sy skaduwee te sit, en sy vrugte is soet vir my verhemelte."

Hoogl 2:4: "Hy het my in die wynhuis ingebring, en sy vaandel oor my was die liefde."

Hoogl 2:17: "Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, (*Jesus kom*) kom aan, my beminde, maak soos die gemsbok of soos die jong takbok op die berge van skeiding.(*Op hierdie plek is ons veilig)* soos die gemsbok of soos die jong takbok op die berge van skeiding." *(Hy kom van die heuwels van Mirre (Golgota) na die berg van wierook).*

*Direk na Sy kruisiging het Hy hierdie uitspraak gemaak*.

Hoogl 4:6: "Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, sal ek gaan na die mirreberg en na die wierookheuwel."

Hoogl 4:7: "Alles is mooi aan u, my vriendin, en daar is geen gebrek aan u nie." *(Hy het ons in Sy bloed gewas).*

Heb 12:22: "Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,..."

Jamieson, Fauccet en Brown, lewer die volgende kommentaar: Hierdie begeerlike grond is nie afhanklik van gewone reservoirs nie, maar beskik oor 'n sterk fontein wat baie tuine kan voed.

Hoogl 4:15: "U is 'n fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei."

Die Hebreeuse woord vir 'Hemel' is: Verhewe, Geestelike realm, Woonplek van God, die alomteenwoordige Gees wat Heilig is en in wie se geselskap ons ook heilig moet wees.

Hoogl 4:12: "My susterbruid is 'n geslote tuin, 'n geslote bron, 'n verseëlde fontein." *Dit is wat jy is.*

1 Thess 4:17: "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees."

Wanneer ons Hom in die **lug** ontmoet. Dit is 'n val in die temperatuur, soos om ysig koud te wees.

Soos Johannes, is ons in die gees, weggevoer om die Bruid te sien, die bruid van die Lam. Ons het ons hele hart opgeoffer sodat Sy huis klaar kon wees (Openbaring 21:9-11).


Deut 8:7: "Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die laagtes en op die berge uitkom;..."

Deut 8:8: "...'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyebome en granate; 'n land van olieryke olyfbome en heuning;..."

*Dit is 'n belofte van hoe ons toekoms sal lyk!*

Rom 8:11: "En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon."

Ons is kinders van olie. Hy was gepars in die oliepers van Getsemanè, om ons Salwing (Christus) te word. Ons moet tuinbewoners word sodat ons God se stem kan hoor en Sy wil uitvoer.



Illustrasie 40

# DIE SEETUIN

## HOOFSTUK 10



(Illustrasie 40). My tuin is ‘n seetuin. Verskillende mense het verskillende tuine om by hul onderskeie geaardhede te pas. Mense vertel my van hul plaastuine, teetuine, wonderlike, afgesonderde plekkies of selfs oop ruimtes. Sommiges het ondergrondse Tarzan woude, daar is diegene wat woon op bergpieke, in katedrale, een het ‘n lushof van ‘n blomtuin met makgemaakte diere oral. Ons ontmoet God in ons private tuine, om Hom te leer ken en om instruksies en openbaring te ontvang.

Sommige mense vind dit onmoontlik om in hul tuin te kom. Daar is die wonderlike tuin, maar daar is altyd iets wat verhinder dat hulle dit kan betree. (Muur, heining, huis, miershoop of wat ookal). Dit is normaalweg aggressie, bitterheid of onvergeeflike gesindheid. God is Heilig, hierdie tipe emosies kan nie in die tuin toegelaat word nie.

Ek het eenmaal ‘n persoon gehelp om in sy tuin te kom. Toe vra hy: “Hoekom is dit so droog hier?” Die droogte word veroorsaak deur tradisies en gelowe. Jesus het Sy lewe vir ons opgeoffer om in hierdie hoë plek vry te kan wees. Vra om verskoning, kom oor dit. Vra die Here vir wysheid en openbaring. Jesus het Sy lewe gegee sodat ons saam met Hom kan wees en om gemeenskap met Hom te kan hê.  Ons het nie gelowe nie, ons het ‘n verhouding met Hom. Om te sê dat ons gelowig is, is vir ons nie ‘n kompliment nie. Dan word ons vergelyk met die Fariseërs en die Saddusieërs, hulle wat deur God gehaat is. Ons het ‘n verhouding met Hom.

In my seetuin kan ek ver en wyd sien. Ek kan mense wat op my strand stap, al van ver af identifiseer. Dan vertel God my wat om te bid, of wat om met Hom, in die tuin ooreen te kom.  Sommige mense saai finansieël by my. Hier kan ek dan hulle oeste sien groei en hoe hulle geestelike groei vorder. Maar hier sien ek hoofsaaklik my droom. Die oorspronklike droom wat die Vader in my gesit het. Hier op my strand, leer ek mense sandkastele bou en hoe om God te loof en groot te maak. Hier kan ons op die strand staan en Hom aanbid.

Hier sien ek my gesin. Aldo wat mense leer swem, Michell leer met baie rekenaars, terwyl sy diens doen as lewensredder. Yvonne wat almal liefhet en vir almal omgee. Op sommige dae waai die wind verwoes en

breek die berge. Op ander dae weer, in die kalmte van die oggendson, kan ons aanbid en die heling in die land en die lewe van ons geliefdes sien gebeur. In my tuin is daar sekere geliefdes wat die lewensredders is. Hulle bring die drenkelinge aan wal. Ons gee nie om nie, ons versorg en verpleeg hulle onder God se leiding.

Aan die anderkant van hierdie uitsig is daar ‘n landingsstrook. Dit is daar vir diegene wat hiernatoe wil vlieg, of om hier te kom leer vlieg, te swem, te droom of om te profeteer. Ons huis is ook hier. Daar is genoeg ruimte en fasiliteite vir almal om in rustigheid en kalmte in die tuin te wandel en te leer hoe om saam met Jesus na ander tuine te gaan.

Ek het hier jongmense na Vader toe sien swem. Hulle sny deur die water soos ‘n mes deur warm botter. Dan sit hulle saam met Vader en kyk in verbasing hoe die grootmense worstel om na Hom te swem. As jy ‘n stryd het om te swem, is dit ‘n vertroue-probleem. Later sien ek van dieselfde jongmense wat in elk geval ook maar die lang pad moet kom. Dan moet ek hulle van voor af in die getypoeletjie leer swem. Meesal is dit ‘n geval van, moet niks sê nie, bly net stil, wees geduldig en laat God die dinge vir jou uitwerk. Dit is hoekom ons in die tuin moet wees, sodat ons Hom kan hoor en ons oordeel vir elke geval, aan die dag kan lê. Godsdiens is die grootste probleem. Maar moenie bekommerd wees nie, ‘n goeie weeksessie in die water sal hul harte sagmaak. Dit is wanneer ek hulle in die diep waters van Vader se hart gooi. Kry dit uit jou gedagtes en gee dit in die gedagtes van Christus, die hart van die Vader.

Lang wandelings met die Here en stil sonsondergange, bring openbaring en kalmte in die rus. Adam is op die sesde dag geskape en op die sewende dag het hy gerus, sodat hy rigtingwysers van God kon kry om besitreg te

kon neem.

Hier kan jy die nuus, weer, finansies en die drome wat jy wil hê, sien. Wanneer die Tuinier vanaand na jou tuin kom kyk, sal Hy blomme hê om na te kyk en nie probleme nie. Hier sal Hy die begeertes van jou hart vervul.


Wanneer ek op die strand staan en na die oppervlak van die see kyk, kry ek 'n idee van hoe die kristalvloer van die Hemel, vir Johannes moes gelyk het. Hierbo is hemel. Hier kan ons selfs op die water loop soos Jesus gedoen het. Van hierdie hoogte af, is ons vissers van mense. Met hierdie waarneming is dit maklik om hoog te bly. God is hier en alle goeie dinge is hier. Dit help om nie af te kyk na die wêreld, my land en my geliefdes nie. Onder die oppervlak van die see...wel, ons weet wat daar is! Laat ons opkyk.

# DIE TABERNAKEL

## HOOFSTUK 11

Op hierdie stadium glo ek dat jy alreeds in jou tuin gewees het. Ek hoop alles het goed gegaan, maar ek weet dat jy somtyds ‘n bietjie gesukkel het om in te kom. Dit is as gevolg van die stres van die lewe. Jy sou waarskynlik agtergekom het dat die probleem in jou ‘mind’ is. As ons maar net een skoongedagte-dag kon beleef! As ons maar net een maal in ons lewe, een dag van totale vrede in die ‘mind’ kon beleef! Dit sal soos ‘n vakansie wees. Soos om van alles af weg te kom.


Ek spandeer baie tyd by myself. Somtyds word ek so moeg vir my eie gedagtes, wat aangaan en aangaan omtrent dinge wat ons niks aan kan doen nie. “Toe het hy dit gesê”, en “ek wens ek het dit gesê” of liewer “ek wens ek het dit liewer nie gesê nie”. En nou begin ons daardie persoon oordeel. Die volgende sal jou help om jou ‘mind’ te behou.




Die ‘Deur-skildery’ van hoofstuk ses, beskryf hoe ons ‘n veilige ‘mind’ kan hê. Maar om een of ander rede begryp ek dit steeds nie. Terwyl ek besig was om die prent te skilder, het ek soos ‘n riet gebewe. Toe die skildery klaar was, het ek geen idee gehad waaroor dit gaan nie. Totdat iemand vir my ‘n kompakskyf van die Tabernakelgebed gegee het. Toe het ek vir die eerste keer gesien dit pas perfek in die skildery in. As jy kyk na illustrasie 41, sien jy die priester sal inkom en dan sou hy offer by

(1), dan sou hy was (2), dan sou hy die Heilige plek (3), ingaan. Persoonlik het ek na baie Tabernakel-seminare geluister en ek verstaan dit nog steeds nie. Hier in illustrasie 41 is die tipiese uitleg van die tabernakel soos geteken deur Larkin. Larkin het sy leringe gekry vanaf Scofield en Darby. Hulle was die mense wat die Godsbeskikkings Waarheidsteorie geskryf het, waarop die meeste kerke hulle eindtyd-geloof baseer.

Let op die priester kom in vanuit die Ooste. Hiervan hou ek, want ons is weer op koers na die oggendson. Soos ek gesê het, ek het dit nooit gesnap nie, tot een dag, toe lees ek 'n voetnota van Eksodus 30 in die Geamplifiseerde Bybel. Dit sê dat mense wat die tabernakel wil skets, moet onthou dat dit uitgelê was in die vorm van die kruis.



Illustrasie 42

Toe maak ek die skets en dit is hoe dit nou lyk (illustrasie 42). Net soos die skildery, kom ons binne deur die Oostelike hek, die deur na die tuin waar die Gèrub met die vlammende swaard staan. Hy het die poort bewaak om te voorkom dat hulle kon binnegaan en van die Boom van die Lewe eet. (Boom beteken Skrynwerker). Weer eens kan ons binnegaan as gevolg van die offergawe. Die vier Evangelies vertel ons die meeste van Sy karakter en van Sy bloed.

## DIE KOPERWASKOM

Hier ervaar ons die bloed en water wat by Sy sy uitgevloei het, en op ons gewetens gedrup het.

Heb 10:22: "...laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water."

Ons groot Hoëpriester het Sy lewe gegee sodat ons 'n suiwer, skoon, bloed-besprinkelde 'mind' kan hê. Hy besprinkel my denke skoon van 'n bose gewete en was my skoon met suiwer water. Soos vantevore gesê, bly ons in die was, solank as wat Hy ons daar wil hê. Hier moet jy ook die kruisiging mediteer. Dit is nodig dat dit in jou hart kom. Die deur na die tuin is die Kruis.

Hierdie is die heel eerste skildery wat ons gebruik het om te illustreer hoe om Jesus binne te gaan deur die kruis. Dit was goed vir toe, maar soos ons elke dag binnegaan, sal Hy ons meer leer van die kruis. Ons moet alles omtrent die bloed beter leer verstaan. Dit is die enigste manier om 'n veilige 'mind'-dag te kan hê. Dit was Paulus wat gesê het, hy wil net weet van Christus in ons gekruisig, en niks meer nie. Benny Hinn is 'n man wat hierdie plek kan betree, voor miljoene mense, nadat hy die kruis gepredik, aanbid het en voordat die kragte oor hom kom.

Kobus van Rensburg vertoon onbeskroomd 'Christus-gekruisig', in sy kerk. Hy dra dit ook op sy bors vanwaar die salwing vloei, mense genees word en God verheerlik word.

## ONGEREGTIGHEID

Ps 103:1: "'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!"

Ps 103:2: "Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!"

*Hy gee God volmag oor sy siel. Om te loof is om volmag te verleen*.

Ps 103:3: "Wat al jou ongeregtigheid vergewe,…"

*Hoekom moet ek vergewe word? Omdat ek af gekyk het!*

Ps 103:3: "...wat al jou krankhede genees,..."

*Dan is ek genees*!

Ps 103:4: "...wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,..."

*In plaas van 'n doringkroon, gee Hy my 'n kroon van glorie en 'n helm van saligheid.*

Ps 103:5: "...wat jou siel versadig met die goeie,..."

*Omdat jy by Jesus is, vloei daar riviere van lewende water uit jou maag*.

Ps 103:5: "...sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend."

*In Sy teenwoordigheid in die tuin, sal innerlike genesing plaasvind, die vreugde en die vrede. Hier sal jy ervaar, as jy drink van die rivier, dat jou jeug elke dag hernu sal word soos die van 'n arend.*

## DIE HEILIGE PLEK

Wanneer jy die Heilige plek binnegaan, is die Minorah (kandelaar) daar waar Jesus se regterhand teen die dwarsbalk vasgespyker is, die wierook op Sy bors. Aan Sy linkerkant is die tafel met die ongesuurde toonbrode.

## DIE MINORAH IS AANBIDDING (Sewe Kerke)

Wanneer jy gewas het, begin jy om dankie te sê. Die vorm van die sewe-arm kandelaar is soos 'n persoon wat op sy knieë staan, met sy arms omhoog, in aanbidding. Dit gebeur outomaties.

## WIEROOK

Die volgende begin jy heerlik ruik. Jy word 'n heerlike aroma vir God as jy Hom aanbid en net vir Hom, met 'n gesuiwerde Jesus-'mind' sien. Jy dra die helm van saligheid en jou gedagtes is beskermd. Jy is gewas in die bloed (Openb 1:6). Jy dra jou volle krygstuig, wat beteken dat jy met Jesus geklee is.

## DIE TAFEL MET DIE ONGESUURDE BRODE

Die woord 'Ongesuurde brood' beteken 'die Gesig van God'. (Strong). Die persoon wat op sy knieë staan, word 'n heerlike aroma en hy kyk direk in God se gesig. Jesus maak dit moontlik.

## DIE HEILIGSTE VAN ALLERHEILIGES

Die laaste drie stappe was in die Heilige plek. Nou gaan ons in die Heiligste van Allerheiliges. Die Verbondsark was hier gewees. Binne-in die ark was daar drie items wat drie onaangename insidente verteenwoordig. Aaron se staf, dit simboliseer die gestryery vir posisie. Die manna, die

ondankbaarheid van die mense. Die Tien Gebooie: Die wette wat ‘n swaar las op die mense gelê het en beskou word as die vloek van die wette.

Al bostaande was in die ark en is geposisioneer bokant die kop van ‘Christus-gekruisig’. Jy weet op hierdie stadium, uit die vorige boek ’Die Lyn’, dat Jesus die boonste helfte skoongemaak het en dit Heilig verklaar het. Hy het Sy siel uitgestort vir die sondes van die mens (Jes 53) en Hy het Sy bloed gesprinkel, so hoog soos die dwarsbalk van die kruis waaraan Hy vasgenael was. In plaas daarvan dat die voorhangsel die Heilige plek en die Heiligste van Allerheiliges nog skei van mekaar, het dit in twee geskeur en kan ons nou binnegaan deur die liggaam en die bloed van Jesus. Vir die eerste keer het ek nou regtig die betekenis van die woord

‘Nagmaal’ verstaan. In ander woorde, as jy sou lê op Jesus, presies soos Hy gelê het, toe hulle Hom aan die kruis vasgespyker het, sal jou kop bokant die dwarsbalk van die kruis wees, soos Sy kop ook is. En Hy het gesê: **En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek.** (Johannes 12:32).

Hy het nie die grond geraak nie. Die woord ‘verhoog’ beteken in hierdie sin ‘verhef’ word. Dit verwys na Hemelse plekke, of hoog bo, die plek waarnatoe Hy Sy oë opgeslaan het, toe Hy Lasarus uit die dood gewek het.

Hierdie lei ons na die volgende skildery.



# DIE HOë PLEK

## HOOFSTUK 12



(Illustrasie 43). Dit is wat gebeur het met die vorige klein skilderytjie, die een wat ek 'n probleem mee gehad het deur na benede te kyk. Hierdie is die plek waarnatoe Jesus, op die kruis verhef is.

## DIE GROOT GOLWE

Die groot golwe simboliseer die salwing wat na dié toe kom wat hierdie hoogte kan behou. Dit is, as ons 'n koning kan bly vir die heeldag en nie

een maal af kyk soos in die vorige skildery nie.

Jes 61:1: "Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;..."

Sag 12:10: "Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge;..."

Die plek is die geestelike Jerusalem, Ons gaan by dit in deur Christus en Sy bloed (genade). Jesus is aan die regterkant van God die Vader.

Efè 2:6: "...en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,..."

Efè 1:3: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,..."

Heb 6:4: "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,..."

*Onder hierdie golwe kan jy die hernuwing van jou jeug ervaar*.

## DIE RIVIER VAN DIE LEWE

Ons het na hierbo gekom om te drink van die rivier van die lewe, wat deur ons sal vloei.

Hab 2:14: "Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek."

Ons kan mekaar net help wanneer ons hier woon. Baie van God se kinders drink nie hier nie, maar probeer aanmekaar ander help, terwyl hul eie

probleme net groter word. Ons moet leer om eers hier te drink, voordat ons ander kan help.

Jes 44:3: “Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.”

Abraham het hier hoog, in hierdie plek geoffer (Morìa).

Moses het die Tien Gebooie, hoog, bo gaan haal (Sinai ook Horeb genoem).

Jesus het die berg uitgeklim, Hy het gebid op die berg en Hy het Sy heerlikheid laat uitstraal op die berg, toe Hy hoog gewees het. Daarna het Hy gegaan na Golgota, wat die heuwel van mirre genoem word (Hoogl.4:6), om te gaan na die berg van wierook (Sion). Na Sion waar Hy begeer het om te rus en te woon (Ps 132:13).

## <u>DIE SEE VAN GLAS</u>

In Openbaring 4:6 en 15:2 word gepraat van hierdie kalm see wat soos glas voor jou gelê het. So ook in Ps 36:6 en 77:19 asook Rom 11:33-36. Om die waarheid te sê, is daar soveel verwysings hiervan, dat ons nie genoeg ruimte in hierdie boek daarvoor het nie. Ons sal egter op ‘n latere stadium so ‘n studiegids saamstel vir u gerief.

Dit is hier waar ons die asem van God (Ruagh) inteug. Hy is die lug wat ons inasem. (U ken daardie liedjie). Dit is beslis koel, om die waarheid te sê, dis ysig.

Dit is ook hier waar die donker Noorde is. Die geestelike Babilon is ook hier. Geestelike boosheid in hierdie hoë plekke. Maar die oorlog is verby (Jes 40:2; Ps 37:38), die huis van die bose sal vernietig word. Hy was

gewond aan sy kop. Openbaring 13:3 sê, die slang se kop was dodelik verwond. Ons dra nou 'n helm van redding en saligheid vir ons kop (Jes 59:17). Ons is nou die deugsame vrou van Spreuke 31, die Bruid van Openbaring 19.

Dieselfde asem wat God in Adam geblaas het, word ook vertolk as 'begrip' of 'inspirasie'.

Ps 150:6 sê: "Laat alles wat asemhaal, die Here loof." In Genesis sien ons dat die Gees van God oor die oppervlak van die waters beweeg.

Sag 6:8: "Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uittrek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde."

Jes 60:1: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op."

Luk 4:18: "Die Gees van die Here is op My,..."

Hand 2:17: "En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom."

Ps 132:13: "Want die HERE het Sion uitgekies, Hy het dit as woonplek vir Hom begeer…"

Rig 21:19: "Toe sê hulle: Kyk, daar is jaar vir jaar 'n fees van die HERE in Silo wat noord van Bet-el lê, oostelik van die grootpad wat opgaan van Bet-el na Sigem, en suid van Lebóna."

## <u>**HOë PLEKKE**</u>

Jer 12:12: “Op al die kaal heuwels in die woestyn het verwoesters gekom, want die swaard van die HERE verteer van die een end van die land tot die ander end van die land; daar is geen vrede vir enige vlees nie.”

Spr 8:2: “Op die top van die hoogtes langs die weg, op die kruispunt van die paaie staan sy,...”

Jer 3:21: “‘n Stem is gehoor op die kaal heuwels, smekende geween van die kinders van Israel, omdat hulle hul weg verdraai het, die HERE hulle God vergeet het.”

Jer 31:2: “So sê die HERE: Die volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel.”

Hand 16:17: “Sy het Paulus en ons gevolg en geskreeu en gesê: Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg van verlossing.”

## BEGEERTES

Hag 2:7: “Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare.”

1 Sam 9:20: “En wat die esels betref wat jy vandag al drie dae gelede vermis het—bekommer jou daar nie oor nie, want hulle is gevind. Maar aan wie behoort al wat begeerlik is in Israel? Is dit nie aan jou en jou hele familie nie?”

Die woord 'begeertes' wat in die bostaande teksverse weerspieël word beteken die volgende: Edelstene, juwele, grond, huise, voertuie, silwer, goud en meubels. Die rykdom van die oseane sal omskep word vir jou. Die nasies sal in die kerk inkom met hul magte van rykdom. Wyse manne sal geskenke vir jou bring (Jes 60:5).

Ps 110:3: "U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe."

Vir diegene wat Hy stuur, het Hy 'n uitgawe-rekening geopen (Jes 60:13-17).

Ps 2:8: "Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting."

Hy het die goud van Egipte gevat en 'n goue tabernakel daarvan in die wildernis gebou. Ons moet die waterdraers wees wat die water na die wildernis neem. Ons is water, hier vertolk as 'afval', 'urine'. Maar wanneer die regte water in ons Noorde inkom, gemeng met die Heilige Gees, word die water deurlug en borrel dit by ons mae uit. Jesus is gedoop met water op Hom. Toe het die Duif (Gees) oor Hom gekom en nou het ons die regte water (1 Kron 11:17).

Hierdie skildery is in die 'moederskoot' (Ps 110:3) van die dageraad, die hoë plek (Noord). Dit is waar die vrou van Spreuke 8:2, by die hoë plekke van die hoofweg staan.

Esè 11:5: "...en wat in julle gees opkom, weet Ék." (gedagtes)

1 Kron 23:30: "...en om môre vir môre te staan om die HERE te loof en te prys, en net so saans;..."

Num 20:17: "...ons sal die koningsweg hou; ons sal nie regs of links uitdraai nie, totdat ons deur jou grondgebied getrek het."

1 Sam 6:12: "En die koeie het reguit padlangs geloop in die rigting van Bet-Semes; hulle het op die een grootpad aldeur geloop en bulk sonder om regs of links uit te draai,..."

Ps 30:5: (30:6) "...want 'n oomblik is daar in sy toorn, 'n lewe in sy goedgunstigheid; saans vernag die geween, **maar smôrens** is daar gejuig."

Job 38:7: "Toe **die môresterre** saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?"

## AANBIDDING

Hierdie is die plek vir waarlike aanbidding.

1 Kron 23:30: "...en om môre vir môre te staan om die HERE te loof en te prys, en net so saans;..."

Die vier lewende wesens was onder hierdie plek (uitspansel), hulle het reguit vorentoe beweeg en net Jesus gepredik. As hulle opgaan, het alles opgegaan en as hulle afgaan, gaan alles af.

Esè 1:21: "As dié gaan, gaan hulle; en as dié bly staan, staan hulle; en as dié hulle van die grond af ophef, word die wiele gelyktydig saam met hulle opgehef, want die gees van die wesens was in die wiele."

Esè 1:22: "En oor die hoofde van die wesens was iets in die vorm van 'n uitspansel wat blink soos die wonderbare kristal…"

# PRAAT MET DIE BERG

Wanneer ek deur die kruis gegaan het sien ek die verheerlikde Jesus en dan neem Hy my in lofprysing na die Vader. Wanneer ek op die wyse gaan, is dit so gelyk soos 'n hoofweg en die steil berg verdwyn. Dan is ek hoog en soos ek voortgaan en die Here prys, sê ek net: ”Genade Vader, genade!”.

Sag 4:7: “Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! En hy sal die sluitsteen te voorskyn bring onder uitroepe van: Genade, genade oor hom!”

Ps 18:33: “Hy maak my voete soos dié van herte en laat my staan op **my hoogtes**.”

Profete ween in hoë plekke.

Ons moet elke gedagte gevange neem en verbeeldings en emosies **afwerp,** Dan vernietig ons die Hoë-plek gode. Dit wat in Sy plek wil kom regeer.

Heb 11:16: “Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei.”

Jy **moet** eenvoudig net Hebreërs 11 lees!

Hand 13:47: “Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.”

Ons is 'n stad op die heuwel. Ons die sterre aan die uitspansel. Ons is die saad van Abraham. Ons is ster-mense.

Daniël het gesê die wyses is die sterre aan die uitspansel.

Die mense onder in die stof, is in die wildernis en kan maar net sterre-kykers wees.

Openb 2:28: “En Ek sal hom die môrester gee.”

As God die hart van Farao kon verhard en vir Saul jaloers maak, dan kan Hy die harte van nasies verander. God se **begeerte** is dat Christus tot Sy volle reg in ons sal manifesteer.

Ps 2:8: “Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.”

As jy hier kan woon, kan jy Hom enigiets vra. Soek eers die Koninkryk en alles sal bygevoeg word.

Dit lei vanselfsprekend tot die volgende vraag: Hoe kan ons die dinge kry wat ons nodig het?

## DIE DROOM

**Die moederskoot van die dageraad** is die plek om die oorspronlike droom te droom. Die eerste persoon waarna die Bybel verwys, wat gedroom het, was Jakob.

Gen 28:12: “En hy het gedroom—daar is ‘n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.”

Hy het vir God aan die **bokant** sien staan. Die Geamplifiseerde Bybel sê, **‘oor en langs hom’**. Dit beteken Jakob het hoog gesien, soos in die laaste skildery. Sy seun Josef was die volgende dromer. Jakob het hom baie lief

gehad en hy het vanselfsprekend sy kinders van God geleer. Josef het gedroom hy is die belangrikse ster tussen al die sterre. As jy kan onthou, Abraham moes die sterre tel, want sy nakomelinge sou lyk soos die sterre aan die hemel. Nie sy Pa of sy broers het van hierdie droom gehou nie. Hy is verkoop, het ‘n slaaf geword en later ‘n tronkvoël. Hy het basies niks gedoen, behalwe droom nie. Op die ouderdom van dertig het hy die hoogste amptenaar in die land geword!

Die punt wat ek hier probeer maak, is dat elkeen van ons ‘n persoonlike droom in ons het. Daar is iets wat net **jy** vir God kan doen.

Ek glo dat elkeen van ons ‘n droom in ons het en dat ons weet wat dit is. Die dag toe ek my gesin van my droom as jongman, vertel het, het hulle uitgebars van die lag en gesê: “Gaan terug see toe! Jy is ‘n matroos.” Maar ek het geweet dat ek dinge moet bou, skilderye moet maak en beelde moet uitkap sodat ek ander mense daarmee kan help. My droom was om al hierdie dinge te kon doen wat ek vandag doen en om die eiendom te besit wat ons vandag besit. Die enigste probleem is, ons plek is nie vyfster nie. Dit is nie sleg nie, maar dit is nie soos ek dit in my oorspronklike droom gevisualiseer het nie.


Toe mense vir my droom lag, het ek besluit ek gaan doelsteller word. Ek moes my vrou kry om saam te stem dat ons, ons eie eiendom moet kry, en dan baie hard daarvoor werk. Dit was die doel. En toe God kom kyk het hoe my droom lyk, het Hy ‘n baie moeë doelsteller gevind, te moeg om tyd saam met Hom deur te bring. As ek sover gekom het om te bid, het ek vir ander mense en hul probleme gebid. Steeds nie tyd vir God nie. Dit het Hyself later reggestel.

As jy jouself sou toelaat om jou wildste droom te droom, moet jy onthou dit kom soos ‘n blits en dit kom gewoonlik wanneer jy kalm is en luister

wanneer ander mense hulle fantasieë bespreek. Daar flits dit deur jou en dan sien jy die boom wat jy nog moet plant, of dalk die twee duisend wat jy moet voed. Maar dan dink ons dit is maar net 'n verbeeldingsvlug en ons gaan net aan met die sleur van die lewe.

Ons gedagtewêreld is geskep om in te kan droom. En in die Tuin-skildery sien ons daar is so 'n plekkie in ons 'mind'. Dit is die Koninkryk van God. Daar kan ons droom.

In Hooglied 2:16 sê The Message Bible, en ek vertaal vrylik: 'My geliefde is myne en ek syne. En snags kom stap Hy in ons tuin en verlustig Hom in die blommetjies'. Jou blomme is jou drome. Ek wil vir jou die volgende vra: Wat se blomme het die Tuinier laasnag in jou tuin gevind? Het jy gisteraand bed toe gegaan en God gevra om te help, of het jy jou bekommer oor die finansies, of ten minste net gehoop alles sal goed gaan?



Illustrasie 44

(Illustrasie 44). Die volgende skets is die resultaat van die wyse wat God my geleer het. Soms vra mense my om vir hulle te bid. Die normale is gewoonlik, moet ons dit doen of moet ons dat doen. Die volgende oggend vra ek God of Hy in hul tuin was? Hy sê: "Ja, maar daar is niks om mee te werk nie. Hulle het 'n leë hemel." Dit was 'n skok vir my. Ek het die uitdrukking nog nooit gehoor nie. Hy sê: "Bring hulle terug en leer hulle om te droom. Vertel hulle Ek werk met die energie van hul gedagtes. Hulle moet My iets gee om mee te werk." In 'n latere boek word hierdie onderwerp breedvoerig uitgebrei. Maar vir nou, toe Hy in

hul tuin kom, vind Hy 'n persoon in totale oorgawe wat sê: "O, God u weet alles." Geen energie om mee te werk nie.

Die Bybel sê, God gee jou die begeertes van die hart! In ander woorde, as jy bed toe gaan met jou droom in jou gedagtes en word die volgende oggend wakker met die droom steeds daar, dan is dit in jou hart. Maar jy kan wel vra, moet ek nie liewer aan God dink nie? Ja, jy moet, want jou droom moet tot Sy eer wees. Gaan nou en droom jou droom.

Vir meer informasie, of om van die ander boeke en DVD's wat beskikbaar is, te bestel, kontak 'THE SHOE MINISTRIES'.

Web: WWW.THESHOE.ORG

Tel: (013) 23 80 304

Sel: 082 763 7269

Adres: Posbus 206, Ohrigstad, 1122

Fisiese adres: R36, Tussen Ohrigstad en Tzaneen. Die Skoen.

Bankbesonderhede: Die Skoen Ministries,

ABSA Bank, Lydenburg

Takkode: 334351

Rekeningnommer: 10 10 15 48 94



'Die Tuin' is die 3de boek in Ron van Zyl se reeks 'Die Lyn'

10 Skilderye waarmee hy sy persoonlike openbaring van die Aller Heiligste Plek mee verduidelik word weergegee in hierdie boek.   Dit word ten sterkste aangeraai dat u dit as deel van die reeks lees.

Die Tuin R120

**'n Produk van Die Skoen Ministries**